Van Toe Af

Dankie. Laat ons net 'n oomblik bly staan, terwyl ons ons hoofde buig vir gebed. As daar 'n versoek is vanaand, maak dit bekend deur 'n opgeligte hand na God vir 'n versoek.

2 Ons Hemelse Vader, U sien die hande en weet wat in hulle hart is, weet wat ons nodig het, en U het belowe dat U 'n teenswoordige Hulp sou wees in die tyd van probleme, en ons bid dat U hulle sal verlos uit elke probleem. Skenk dit, Here.

3 Ons dank U vir wat U vandag in die land doen, reg rondom die wêreld word die groot verborgenheid van die Evangelie ontvou aan die duisende mense wat glo dat U 'n Kerk gereed maak om te ontvang by U Koms. Ek bid, Vader, dat daar baie uit hierdie stad sal wees wat in daardie groot Wegraping sal gaan waarna ons soek op enige tyd. Skenk dit.

4 Seën ons nou saam, terwyl ons vergader is in Jesus' Naam, en vir God vra, in Sy Naam, om met ons te wees. Ons is in U hande, Here, maak met ons soos U goeddink. Amen.

5 Ek beskou hierdie beslis weer as 'n groot voorreg, vanaand, om hier te staan by die mense, en glo dat God weer vir ons sal onderneem, vanaand. En mag Sy ryk genade altyd op ons rus. Die wonderlike ding gisteraand, toe ons Hom die mense sien genees het soos ons aangaan; en ons het daardie aand gegee vir gebed vir die siekes. Ons probeer gewoonlik nie te veel tyd neem vir die siekes nie, ons bid elke aand, almal is ingesluit, die hoofsaak wat ons probeer doen, is om mense te laat sien dat Christus nie dood is nie, dat Hy lewendig is. En as ons net kan sien dat die Een, Wat vir ons hierdie wonderlike beloftes gemaak het, hier is om daardie beloftes te bevestig.

6 Nou, wat julle hier sien, in die diens, wanneer ons daardie aande het soos daardie, dis regtig, daar's geen manier om dit verduidelik nie. Ek het so pas daarbuite gestaan toe 'n paar susters gekom het, drie van hulle, dink ek, en een suster het afgekyk, gesê: "Broer Branham, ek wil God dank vir Sy genade aan my kinders vanaand, geliefdes." Oppad hiernatoe, het 'n motor uitgeswaai en hulle het omgeslaan, en alles, maar het nie eers 'n skrapie gekry nie. Hulle is net hier nou, sit op die voorste trappies om die boodskap van buite af te probeer hoor. Onbeskryflike genade! Partymaal, soos dit was, soos ek gisteraand gesê het (oppad van Emmaüs af), wandel Hy daagliks saam met ons, en help ons, en tog, herken ons dit miskien nie tot net . . . somtyds nie.

7 Nou, visioene is iets bo enigiets wat enigiemand kan verduidelik. Dit is die oneindige God Wat die einde van die begin

af ken, en die einde voorspel, en sê wat die einde sal wees, omdat Hy alles geweet het en steeds alles weet. Daar's niks wat Hy nie weet nie. En Hy—Hy weet nou niks meer as wat Hy aan die begin geweet het nie, want Hy's oneindig. Glo julle God is oneindig? As Hy nie is nie, is Hy nie God nie.

8 So dan, dink net, hier is net. . . Jy kan nie oneindigheid verdeel nie. Dis net soos. . . Om oneindig te wees is net soos om te wees, wat ek. . . ek sou sê, Ewig te wees. Ewig het nooit begin nie, so dit eindig nooit. Het julle al ooit daaraan gedink? En alles, wat begin, het 'n einde. Sien? En dinge wat geen einde het nie, is dinge, geen begin gehad het nie.

9 En dis waarom ons Ewige Lewe moet hê. Ons is 'n deel van God se Lewe, wat die woord *Ewig*, broers wat weet dat die. . . kom van die Griekse woord van *Zoe*, wat beteken "God se Eie Lewe." Dis hoekom ons Sy Eie kinders word. Sien? Dis Ewige Lewe in ons. Dis Lewe wat in ons is, het nooit begin nie, Dit kan nooit eindig nie, Dit kan net so min sterf as wat God kan sterf, want Dit is Ewig. Daar's net een Ewige Ding, en dit is God. En ons word deel van Hom omdat ons seuns en dogters van God word. Hoe wonderlik om te weet dat God belowe het!

10 Ons het net meer tyd in herlewings nodig. Eendag hoop ek om 'n tent te kry wat ek al so lankal wil hê, en ek. . . en sodat ons 'n bietjie langer kan bly, sodat ons al die snaakse gevoelens kan wegkry. Mense wil nie so wees nie, maar hulle is eintlik net so. Sien? Ons is. Ons vergader as 'n groep mense net waar ons ook al vandaan kom, verskillende denominasies vang ons, wat ook al.

11 Dan, wanneer ons in vergaderings soos hierdie inkom, dan sien julle iets geheimsinnig gebeur, dit skok ons soort van absoluut, en so dit. . . hoofsaaklik met predikers, nie met hierdie nie, maar met predikers, meestal. Hulle is herders, hulle beskerm hulle skape, sien, en so hulle hou elke klein dingetjie dop. Jy moenie. . . kan nie die man blameer nie, sien, want hy moet eers verstaan.

12 Maar die ding, as 'n man dit net ernstig kritiseer en dit weier, dan is daar iets verkeerd daar, as 'n man nie wil oorweging skenk om—om daarna te kyk deur die Bybel en dit te ondersoek nie. Kyk, dis hoe die Fariseërs met ons Here gemaak het.

13 Het julle geweet elke profeet wat ooit op aarde opgestaan het, is nooit deur die mense aanvaar nie? Elke boodskapper wat God ooit gestuur het, is nooit aanvaar nie, en hulle het nie geweet wie die boodskapper was tot hy dood en weg was nie. Nou, dit is reg.

14 Julle Katolieke mense hier, hoe julle nie vir Johanna van Arkel geken het nie! Baie van julle skoolkinders onthou dit. Daardie vrou was 'n vrou van God, sy het geprofeteer, sy was 'n geestelike vrou. Weet julle wat julle kerk gedoen het? Haar verbrand as 'n heks. Dis reg. Natuurlik, het julle tweehonderd jaar later 'n bietjie belydenis gedoen, julle het daardie priesters

se liggame opgegrawe en hulle in die rivier gegooi, toe julle besef het sy was 'n heilige. Sien? Altyd die verlede.

15 Hulle het nooit vir Patrick geken nie. En die mense dink Sint Patrick was 'n Katoliek? Omtrent soveel soos ek is. Kyk waar sy skole bo in Ierland is, geen kruise en kruisbeelde by hom nie, hy het die pous ferm verwerp. Maar natuurlik, probeer hulle hom met die kerk verbind, maar dis verkeerd.

16 Ek kom uit 'n Katolieke familie, ek weet waarvan ek praat, en ek het *Feite Van Ons Geloof*, en al daardie boeke wat ek bestudeer het, soveel as wat jy kan bestudeer. En so. . . Maar daardie dinge, sien, hulle gaan verby. Hulle het nooit vir Elía geken nie, hulle het nooit vir Johannes geken nie, hulle het nooit vir Jesus geken tot na Sy dood, begrafnis, en opstanding nie. En nou, die Heilige Gees wat val, en hulle sal Dit nie weet nie, net soos in die dae van Noag, tot die vloed kom en hulle wegneem, dis reg, die groot vloed wat inkom.

17 Maar as daardie Fariseërs net sou gaan sit, en gedink het! Jesus het vir hulle gesê: "Julle het die profete gestening. Julle—julle het hulle—hulle mure witgesmeer van hulle. . . hulle grafte blinkgevryf, en julle is dié wat hulle daarin gesit het." Sien? Gesê: "Hoe. . . ? Watter een van die profete het God gestuur wat julle vaders nie gestenig het nie?" Sien? En hulle. . . sovoorts. Ons moet gaan sit en dit oordink.

18 Daar was hulle, soort van soos Nikodemus, die geheime gelowige, wat in die nag gekom het, omgeglip, gesê het: "Rabbi, ons weet dat U 'n Leraar is wat van God af kom, niemand kan die dinge doen wat U doen, tensy God met hom is nie."

19 Kyk na klein Jaïrus, hy het miskien gemaak asof hy nie in Goddelike genesing glo nie, tot sy dogtertjie op sterwe gelê het. God het 'n manier om dit uit te trek en jou jou kleure te laat wys. Sien? En toe net die punt bereik het, was hy 'n gelowige; en dit moes net die punt bereik waar hy dit gesien het. God is so goed vir ons, en ons is dankbaar vir mans en vroue, soos wat vanaand hier sit, ek is, wat die Evangelie glo, glo in Goddelike genesing, dophou.

20 Ek het altyd van ons organisasies gesê, ek glo in hulle, en ek glo dat hulle goed is, hulle 'n doel dien, maar julle sien, wanneer ons 'n organisasie maak, negentig persent van ons, wanneer ons een maak, skryf ons voor: "*Hierdie* is wat ons glo, *punt*." As julle sou sê: "*Hierdie* is wat ons glo *komma*, plus soveel as wat God by ons sal byvoeg," dan is dit goed so. Dis—dis goed. Sien? Dis presies.

21 Toe die Vuurkolom beweeg het, het Israel saam met Dit beweeg. En in die Nuwe Testament, toe Dit begin beweeg het, net presies soos Dit het in die Ou Testament, op dieselfde manier beweeg het, moes Israel daardie Vuurkolom volg, en die tent

onder Dit opslaan, en toe Dit begin beweeg het in hierdie laaste, by die herlewing, het Martin Luther Dit gesien.

22 En toe, sodra Luther verby was, het hulle 'n organisasie om Luther se werk gebou, God het reguit daaronder uitbeweeg, en Wesley het Dit gesien, en daar het hy gegaan. Na Wesley, en—en Asbury, en baie van die ander, toe . . . na hulle tyd, wat het toe gebeur? Hulle het 'n organisasie onder Dit gebou, God het reguit daaronder uitbeweeg, reguit aangegaan. Sien?

23 En nou, doen ons Pinksters dieselfde ding. Jy kan nie die Heilige Gees organiseer nie, jy kan dit nie doen nie. Ons glo in organisasies om broederskap te behou ensovoorts, dit dien 'n goeie doel, maar strek altyd die kombers uit om die ander broer te kry, sien, en hou jou hart oop om te ontvang wat God gereed is om af te stuur op ons. Dis hoe om dit te doen, dis ware broederskap, en so, ek hou daarvan. Wanneer ons . . . As ek ooit 'n tyd kan sien wat die Pinksterkerk . . .

24 Nou, Pinkster is nie 'n organisasie nie, Pinkster is 'n Ondervinding. Ek ken omtrent net soveel Lutherane en Baptiste en Presbiteriane wat die Pinksterondervinding het as Pinkstermense wat hulleself Pinkster noem. So Pinkster is 'n—'n Ondervinding.

'n Tyd gelede . . . Ek daar sal begin, en dan sal ek van my boodskap afdwaal, of . . . Gee my net tyd om hierdie te sê. Sal julle? Verdra my, dis goed.

25 Ek was in Minneapolis, Minnesota, dis 'n groot Noorweegse land, en ek het 'n diens gehou, en ons was by 'n groot gebou, en ek was reg in die wintertyd, of, lentetyd, daar gewees. En ek het by 'n goedkoop hotelletjie gebly onder . . . Ek glo nie dat Christene alles net so swierig moet hê nie. Jesus het nie 'n plek gehad om Sy kop neer te lê nie, en ons probeer om net die beste te hê, en *soveel* sekuriteit en alles. Skaam ons. Sien?

26 Maar 'n hotelletjie, en daardie . . . Een aand toe ek ingekom het van die kerk af, die volgende oggend, het ek uitgegaan, ontbyt gehad, en toe ek daar teruggekom het, was daar 'n—'n twee-en-twintig bladsy brief in 'n klein rakkie vir my. Hoe die man ooit geweet het ek was daar, weet ek nie. So ek het dit gelees, en o, jy praat van goeie kritiek, dit was goed. En ek, persoonlik, waardeer dit beslis. En enigiemand wat regtig 'n punt het, en wil kritiseer, dit laat ons nagaan. Julle weet, 'n kritiek maak 'n goeie produk, sien, wanneer ons gewillig is om dit te ontvang, dit te toets.

27 So hierdie man het my vreeslik uitgeskel. Hy was 'n dekaan van 'n kollege, en hy het gesê: "Jy het gisteraand gepraat van om vyf-en-twintig jaar in die bediening te wees," dis nou een-en-dertig, maar het hy gesê: "vyf-en-twintig jaar," gesê: "ek was in die bediening nog voor jy gebore is." En hy het gesê: "En party . . . Ek het 'n paar baie vreemde dinge gesien." En gesê: "Ek het

gisteraand, vyftien myl deur die verblindende sneeustorm gery, gedink ek sal 'n dienaar van Christus sien. En wat het ek gevind? Net 'n blinkgepoetste waarsêer."

28 En het hy gesê . . . En hy wou my nie "Broer" noem nie, hy het net gesê: "Branham," so, dit was alles reg. So hy het gesê: "En die einste idee . . . Die teologie, die slegste wat ek nog ooit in my lewe gehoor het," en hy het gesê: "byvoorbeeld, jy het dit gesê, dat Satan nie kan genees nie." Gesê: "'n Man wat voor soveel mense staan soos jy en so 'n fout soos daardie maak," gesê: "wel, dis verskriklik."

29 Hy het gesê: "Nou, laat ek vir jou iets vertel, jong man," het hy gesê: "hier agter ons kweekskool hier, of ons plek," gesê: "is daar 'n vrou met 'n waarsêergees." En gesê: "Sy het 'n groot voorskoot aan," en gesê: "mense kom soontoe vir Goddelike genesing." En gesê: "Hulle . . . En sy gaan, en voel oral oor hulle, soos *daardie* met haar hande," en gesê: "dan voor jy jou kom kry, gooi hulle geld af in hierdie voorskoot."

30 Nou, julle kan net daar sien, dis onskriftuurlik, en nie reg van die begin af nie, enigiemand met enige—enige kennis van God. Sien? En gesê: "Dan neem sy, en trek bietjie hare uit agter uit haar nek, trek 'n bietjie bloed uit hulle are, en draai hierdie hare daarin toe, loop af na 'n stroompie agter die plek, gooi dit bo-oor haar kop in die stroompie in."

31 En gesê: "Dan begin sy loop na die mense, en as sy gedwing word om om te kyk," gesê: "die mense . . . kom die siekte terug na die mense; as sy nie," gesê: "dan, wel, kom die siekte nie terug nie."

32 En gesê: "Ons het dit dopgehou," en gesê: "'n *sekere* persentasie van hulle word gesond." En gesê: "Net die idee dat jy sal sê dat Satan nie kan genees nie!" Wel, hy het aangegaan met 'n hele klomp goed.

33 En ek het gedink: "Wel, as hy genoeg tyd geneem het om vir my twee-en-twintig bladsye te skryf, behoort ek ten minste twee bladsye terug te skryf vir hom om te antwoord." So ek het gaan sit die beste wat ek kon, ek kan nie eers my eie handskrif lees nie so, en ek het 'n ietsie vir hom geskryf. En ek het gesê: "Dierbare Broer," ek moes hom dit noem, enige man wat al vir vyftig jaar gepreek het, behoort gereken te word as "Broer," die Evangelie verkondig het, maak nie saak hoe dit was nie. En ek—ek—ek ag hom as my broer.

34 En ek het gesê: "Ek waardeer beslis en het die hoogste agting, vir jou lang jare van bediening vir ons Here." En ek het gesê: "Ek—ek is beslis dankbaar teenoor God, om jou te laat lewe tot op hierdie goeie ryp ouderdom, en die dinge wat jy gedoen het," ensovoorts. En daar was nog 'n broer saam met hom, so toe . . . van hierdie kollege.

35 Toe voor jy jou kom kry, het ek—ek gesê: "Maar die . . . Wat vir my vreemd is," het ek gesê: "is dat jy my soveel kritiseer omdat ek sê dat Satan nie kan genees nie." Ek het gesê: "Nou, jy het gesê Satan kan genees, Jesus het gesê: 'As Satan vir Satan uitdryf, dan is sy koninkryk verdeel.'" Ek het gesê: "Nou, vir wie gaan ek glo? Vir jou, of wat Christus gesê het? Satan kan nie genees nie, Christus het so gesê. Hy werk teen homself, hy kan nie genees nie."

36 Maar het ek gesê: "En om te probeer om te verduidelik, as julle sal vers- . . . my sal vergewe," het ek gesê: "vir 'n dekaan van 'n kollege, of 'n groot man soos jy, dat ek vir jou wil vertel, as 'n sendeling, ek mense na afgode sien kom het en genees is. La Salle, Lorraine, Frankryk, is daar 'n afgod van 'n vrou; en onder in Parys het ek gesien waar hulle 'n—'n vrou, dooie vrou daar gehad het, en hulle het 'n hele klip agter haar afgevryf om plae van die stad af weg te hou. Ek het al daardie dinge gesien.

37 "En ek het mense in Amerika gesien, wat hulleself Goddelike genesers noem, en sê: 'Ek het genesing *hier*, en genesing op *hierdie* manier, en genesing *hierin*.'" Ek het gesê: "Dis dieselfde ding." Sien? "Genesing is in Christus." Presies.

38 Maar ek het gesê: "Die mense . . . Ek betwyfel nie, dat daardie mense gesond geword het nie. Maar hier is wat gebeur, die . . . Goddelike genesing is gebaseer op die . . . op geloof. En daardie mense wat na daardie heks toe kom, waarvan jy praat, natuurlik het hulle dit gedoen, hulle dink hulle nader God deur daardie heks, en op grond van hulle geloof genees God hulle." Sien? Hulle—hulle . . . Beslis. Jy . . . As jy genoeg geloof het om dit te glo, sal dit gebeur. Dis presies reg.

39 Maar ek het gesê: "Die vreemde ding vir my is, dat 'n dekaan van 'n Luherse kollege sy geloof sou baseer op 'n ondervinding in plaas van die Woord van God, wanneer Christus gesê het dat Satan nie kan genees nie. Dis hulle benadering, wat glo hulle nader God deur die heks, en deur die afgod, ensovoorts. Dis onskuldige mense wat glo dat God genees."

40 Wel, omtrent 'n jaar daarna was ek weer daar vir die Christen Sakemanne in 'n diens. En 'n ander dierbare broer, Dr. Hegre van die Bethany Kollege, het vir my 'n brief geskryf, en gesê hy wil my graag daar oorkant hê. Ek was bang om te gaan, want ek het daardie intellektuele reuse geken. Ek het gehad . . . My laerskool opvoeding kon nie met hulle s'n vergelyk nie. En hy het my genooi, en ek het vir Broer Moore gesê: "As jy nou saam met my sal gaan en dit is bokant my opvoeding, sal ek jou op die knie stamp met myne en dan neem jy van daar af oor," en so het hy onderneem om te gaan.

41 So ons het langs die tafel gesit, hulle het vir ons 'n mooi tafel gedek in die gimnasiumkamer. Pragtige Lutherse vroutjies het vir ons ons lekker middagete bedien, baie lekker. En to- . . . Dr.

Hegre het langs my gesit, en hy het gesê: "Nou, Mnr. Branham," toe ons klaar was, het hy gesê: "Ek wil hierdie een ding sê, ek vra om verskoning," wat die man gesê het. Gesê: "Nou, maar ek . . . "

Ek het gesê: "Dit was vergewe van die begin af."

42 En hy het gesê: "Ons is honger, hier by Bethany." Gesê: "Ons is . . . " Daar's 'n groot . . . Die studente, as hulle nie kan betaal nie, het hulle honderde akkers mielies en goed wat hulle kweek, en werk hulle pad deur die kollege, baie goeie skool. En hy het gesê: "Ons is honger. Ons bestudeer God." En gesê: "Ons het *daarin* gevind, 'n paar jaar gelede, van die Heilige Gees en hoe Dit werk."

43 Een gesê: "Ons het na die Pinksters toe gegaan wat gesê het dat hulle Dit het." En gesê: "Ons het hulle die stoele sien omskop, die vensters uitslaan, ensovoorts." Hy het gesê: "Wat het hulle?"

Ek het gesê: "Die Heilige Gees."

En hy het gesê: "Daardie?"

44 Ek het gesê: "Sekerlik. Hulle het soveel stoom, hulle moet dit by die fluitjie uitblaas, hulle wil dit nie tot aksie laat oorgaan, dit laat werk nie," ek het gesê: "dis al. Daar soveel stoom wat blaas . . . opbou, hulle moet dit op een of ander manier kry." En ek het gesê: "Hulle net . . . As jy daardie selfde krag, daardie selfde ding in aksie sal plaas, in geloof, met God se Woord, en dit begin beweeg, sien, in plaas van om dit net uit te blaas. Sien? Dis . . . Die Heilige Gees bou dit op daarbinne."

En hy het gesê: "Wel, wat dink julle dan het ons Lutherane?"

45 Ek het gesê: "Die Heilige Gees." En toe het hy gestop en na my gekyk, en ek het gedink: "Here, as U my al ooit gehelp het, doen U dit nou, want ek het myself beslis gekry . . . "

Hy het gesê: "Wel . . . "

Ek het gedink: "As U my net sal help, Here." Hy het dit nog altyd gedoen, onder toordokters en duiwels, en reg rondom die wêreld in verknorsings.

En hy het gesê . . . Ek het gesê: "Wel, luister, Meneer."

46 Hy het gesê: "Ons het gegaan na . . . oorgevlieg Los Angeles toe, na 'n man toe wat 'n boek geskryf het oor gawes." En gesê: "Toe ons daar gekom het, het hy gesê: 'Ek het nie . . . Ek het nie enige van hulle nie.' Gesê: 'Ek—ek het net oor hulle geskryf.'"

47 Hy het gesê: "Wel, ons kan dieselfde ding hier doen, want hy het dit reg uit die Skrif uitgeneem; ons wil dit sien. Daardie aand toe ons soontoe gekom en dit gesien het, het ons klaar besluit dat dit verkeerd was, en dis hoekom ons jou 'n blink-gepoetste waarsêer genoem het."

Ek het gesê: "Wel, ek vergewe julle daarvoor, soos ek gesê het." Maar ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Wat—wat het ons Lutherane?"

48 Ek het gesê: "Ek het gesê, 'Die Heilige Gees.' Luister nou," ek het gedink ek sal hou. . . in sy eie lyn praat sodat hy sou weet, ek het gesê: "eenkeer het 'n man 'n groot land voorberei, en hy het 'n mielie-oes geplant. Hy het dit dag na dag dopgehou, tot hy een oggend uitgegaan het, en daar twee blaartjies was wat uitgegroei het." Julle weet wat mielies is wanneer dit opkom. Ek het gesê: "Die man het op sy stoep gestaan en gesê: 'Prys God vir 'n mielie-oes.'" Ek het gesê: "Nou, het hy dit gehad?"

Gesê: "Wel, hy het die begin daarvan gehad."

49 Ek het gesê: "Dan, sou ons sê: 'Hy het dit potensieel gehad.' Met verloop van tyd het daardie. . . Dit was julle Lutherane aan die begin." En ek het gesê: "Met verloop van tyd het daardie blare groot geword, en 'n pluim het uit hulle uitgekom, dit was die Metodiste."

50 En ek het gesê: "Toe het die Metodiste weer afgekyk na die Lutherane en gesê: 'Ek het julle glad nie nodig nie, ek's 'n pluim, julle is nie deel daarvan nie.' Maar julle sien, dit moes ook weer die blaar gebruik, want. . . vir die stuifmeel om in te val, en dan kom daar 'n kop uit, Pinkster, met die oorspronklike, soos dit aan die begin was, die pit wat in die grond ingegaan het, dit het 'n pit voortgebring." Ek het gesê: "Nou, ons het baie swamme op die kop, maar ons het pitte ook." Dis reg. Ek het gesê: "Soos dit was in die begin."

51 Ek het gesê: "Dis hoekom ek by die mense is, hulle is God se mense." En ek het gesê: "Jy sien, die Pinksterkerk is die gevorderde Lutherse kerk, want dieselfde lewe wat daar in die blaar was, het die mielie gemaak." Dis reg. En hy het dit gesnap.

52 Hy het sy bord teruggestoot en opgestaan. Hy het gesê. . . afgekyk na sy medewerkers, al die studente, ensovoorts, en die dekane, en die liggaam, en hy het gesê: "Ons hier by Bethany, is honger vir die Heilige Gees." Gesê: "Broer Branham, wat sal ons doen om Dit te ontvang?"

Ek het gesê: "Draai om van die tafel af, gaan oorkant na die muur toe, en kniel teen die muur, en wees baie opreg."

53 Afgegaan en hande op hulle gelê, oor die veertig het die Heilige Gees net daar ontvang, en nou het hulle meer as vierhonderd in daardie skool, wat allerhande soorte tekens, wonderwerke doen. Wat is dit? Dis Lutherse Pinkster. Sien? Oral, oral waar die Heilige Gees. . . Ons kan nie Hierdie vasknoop en sê: "Ons Pinksters het Dit," nie. God het daardie skans gebreek en daarbuite ingegaan, en alles gekry wat daar was: "Aan wie ook al wil, laat hom kom." Sien? Dis vir die mense.

54 Pinkster is 'n Ondervinding. Rooms Katoliek, Joods Ortodoks, wie hulle ook al mag wees, Chinees, Boeddha, o, alles, die Evangelie is vir wie ook al wil, hy mag kom.

55 O, ek is net lief daarvoor, en is net lief daarvoor. O, hoe lief is ek daarvoor! En ek weet dat God in staat is, op die laaste dag, om dit op te wek wat Hy gesê het Hy sou doen, ek glo dit. Ek glo in die algemene opstanding, dat hulle, wat destyds daar gesterf het in die Lutherse geloof aan die begin, nie sal . . . hierdie . . . nie diegene sal verhinder . . . "Die basuin van God sal blaas, en al die dooies in Christus sal opstaan." Dis reg.

56 Ek glo die Kerk kom tot vol- . . . Dis die heeltyd volmaaktheid, wat opkom. En soos die vyand inkom soos 'n vloed, rig die Gees van God 'n standaard daarteen op, groter, en groter, wat groter opbou. Nou, dis reg af tot by daardie laaste ding, waarvan ek gisteraand gepraat het. O, ek glo dat Hy sal kom. En ek glo dat hierdie ou swak liggame van ons, verander sal word, en gemaak sal word soos Sy Eie verheerlikte Liggaam.

57 Gepreek oor hoe Hy vir Abraham en Sara, destyds daar, na 'n jong man en vrou toe verander het, om daardie baba te kry, terwyl ek dit nou gesê het, ek 'n tyd gelede hierdie twee of drie hare gekam wat ek oor het. My vrou het vir my gesê, sy het gesê: "Billy, jy's al amper bles-kop."

Ek het gesê: "Maar ek het nog nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê jy my dan asseblief waar hulle is."

58 Ek het gesê: "Skat, sê vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het, waar hulle ook al toe was, hulle is nou weer daar en wag vir my om na hulle toe te kom." Amen. Dis reg. Dis . . . "Selfs die hare van julle hoof is getel. Nie een van hulle sal vergaan nie." Dis presies reg. Waarvan is ons gemaak? Ons is gemaak uit sestien elemente, dis kalium, en petroleum, en kosmiese lig, ensovoorts. En dis net wat God het net . . .

59 Hy is 'n groot Kontrakteur. Voor Hy ooit 'n mens op aarde gehad het, het Hy die materiaal uitgelê, soos 'n kontrakteur wat 'n onderverdeling bou. Hy sou die mens na Sy Eie beeld maak en vir hulle die aarde gee om op te woon, en hulle was kleiner gode as wat Hy was.

60 Jesus het gesê: "Julle wet sê dat julle gode is." Dat . . . Heerskappy, konings, heerskappy oor die aarde, hy kon enigiets doen wat hy wou. En sonde het ingekom, en nou bring vrou kind, en wanneer dit gebeur, moet daardie kind sterf. Sien? Dis presies, dis 'n verdraaide geboorte. Maar dan, wanneer die nuwe geboorte inkom, korrigeer dit daardie verdraaide geboorte en gee dit Ewige Lewe deur die Vader, Jesus Christus.

61 O, broer! Jesus het gesê: "Hy wat My Woord hoor . . . Hy wat My vlees eet, en My Bloed drink, het Ewige Lewe; en Ek sal hom weer opwek op die laaste dag." Amen. "Almal wat die Vader my gegee het, sal na My toe kom," en niks gaan verlore nie. Amen. Hy sal dit weer opwek op die laaste dag. Dood of niks anders kan

ons skei nie, ons is altyd in die Teenwoordigheid van God. Hoe ek daarvan hou!

62 'n Klein aanhalinkie . . . Ek sal baie selde . . . Sê nie te veel nie, ek praat net baie, en sê niks. Maar partymaal . . . Ek's nie soos die broerpredikers hier, wat geleerdes is en weet hoe om daardie dinge in orde te plaas nie. Maar partymaal sê ek iets, en dit—dit help my, in elk geval, baie. En, nie lank gelede nie, het ek iets gesê wat baie diepgaande was vir my.

63 Ek het gedink aan die versekering dat ons oorgaan. En toe . . . Ons let op dat God se kinders op 'n tyd slawe was onder in Egipte. Hulle het vir hulle brood uitgegooi, gemuf, vrot, wat dit ook al was, hulle moes dit eet. Hulle het hulle dogters gemolesteer, hulle het hulle seuns vermoor, enigiets wat hulle wou . . . En daardie was die mense van God. Dis reg. Nou, en so was hulle slawe, en hulle kon dit nie help nie.

64 Maar eendag, het daar uit die woestyn, 'n profeet afgekom met 'n—met 'n Vuurkolom bokant hom, en hy het vir hulle die Woord van God vertel, dat daar 'n land was wat gevloei het met melk en heuning waarnatoe God vir Abraham belowe het hy sy kinders sou neem. En hierdie profeet wat bevestig om van God te wees deur die tekens en wonders wat hy gedoen het terwyl hy in Egipte was, en die mense het hierdie man geglo.

65 En hy het uit Egipte uitgekom, die kinders van Israel het, en het gekom by die plek van Kades-barnea, wat enige geleerde weet, dat Kades-barnea, eenmaal, die oordeelsbank van die wêreld was. Dis waar Israel haar oordeel ontvang het, toe sy nie die teken geglo het, wat hulle teruggebring het, van die druiwe en die goed vanaf die land nie.

66 Nou, onthou, niemand was nog ooit in hierdie land, in hulle groep nie, hulle het daarvan gehoor. Geloof kom deur die gehoor, en God het die belofte gemaak. Begryp julle dit? God het die belofte gemaak, en hier het Moses, die weg-hol profeet, daar ingekom met bevestigde tekens, en bewys dat dit God was wat hulle na hierdie land toe geneem het wat hulle nog nooit gesien het nie. Wat 'n volmaakte tipe van vandag! Niemand van ons was al ooit oor nie.

67 Let op, toe hulle by Kades-barnea, die oordeelsbank, gekom het, het hulle 'n groot krygsman onder hulle gehad met die naam van Josua, wat "Jehova-Verlosser" beteken, *Josua*. Nou, hy het die Jordaan oorgesteek in daardie beloofde land in, en teruggekeer met die bewys dat dit 'n goeie land was. Hy het druiwe gehad, twee mans het die tros gedra. Hulle kon die hemelse dinge proe van oorkant in die beloofde land, die goeie land wat vloei met melk en heuning. Hulle het teruggekom om te bewys dat die land die waarheid was, dat God se Woord presies was wat Moses gesê het Dit was, deur die inspirasie van God. Dit was daar.

68 Hulle kon hulle eie huise hê. Die bewoners . . . Natuurlik, moes hulle veg vir elke duim van die pad wat hulle ingeneem het. God het vir Josua gesê, in Josua 1, dat: "Oral waar die sole van jou voete trap, dis besitting." Dis hoe dit vandag is, oral waar die sole van jou voete trap, is besitting. Hou net aan loop, voetspore beteken besitting; neem dit net.

69 Nou, onthou, hulle moes elke duim van die pad veg. Party mense kan net die twee-handse Swaard neem en net 'n bietjie skaduwee wegveg, party kan deurkap na Goddelike genesing, elke belofte van God Daarmee. Dis reg. Die Woord is 'n Swaard, en kos geloof om daardie Swaard te gebruik, dis reg, geloof in die beloofde Woord.

70 Nou, ons let op dat toe . . . Hulle het teruggekom, en hulle het gesê hulle kan hulle huise hê ensovoorts. Israel het oorgegaan na die beloofde land, huise gebou, hulle kinders grootgemaak, in vrede gelewe, al die res van die nasies het hulle gerespekteer. Wat 'n wonderlike ding! Maar uiteindelik, was daar oral grafte op die heuwels. Hulle het oud geword, gesterf, is begrawe.

71 Toe het daar eendag 'n ander groot Krygsman gekom, die grootste van hulle almal: Emmanuel. Hy het afgekom, en Hy het gesê: "Hierdie is nie die land nie. Maar in My Vader se Huis is daar baie wonings, as dit nie so was nie, sou Ek julle gesê het. En ek sal gaan en 'n plek vir julle voorberei, en weer terugkeer om julle Self te ontvang."

72 Let op, Hy het gekom by Sy Kades-barnea, Golgota, waar Hy die sonde-Oordeel vir ons almal trotseer het. Die straf van God se Oordeel is nagekom in geregtigheid toe Christus op Golgota gesterf het, deur die prys van sonde vir ons almal te betaal. En Hy het oorgegaan in 'n Jordaan, soos ons dit ken, die Jordaan van die dood, oor na die land, en teruggekeer op die derde dag, soos Josua het, en die bewys gebring dat 'n man weer kan lewe, as hy doodgegaan het. Daar's lewe na die dood, Hy het dit belowe.

73 En nou, Hy het gesê: "Vir die onderpand hiervan, die depo- . . . " julle weet wat die *onderpand* van enigiets is, die deposito: "gaan daarbo na die stad van Jerusalem en wag. En gaan vir julle die onderpand van julle verlossing stuur." Amen. Nou, begin ek godsdienstig voel. En hulle het gewag tot hulle die onderpand ontvang het.

74 Nou, selfs tot op hierdie dag, daardie selfde Heilige Gees, wat ons opgelig het uit 'n lewe van sonde, waar ons eers gelewe het . . . En ons is alreeds dood in Christus, begrawe, en opgewek saam met Hom in Sy opstanding, en sit nou in Hemelse plekke saam met Hom, amen, en hou dop hoe Hy onder ons werk. Hoekom? Waarom is ek nie daarbuite onder die denominasies nie? Want dit is diegene wat dood en begrawe is in Hom, en opgewek is saam met Hom in Sy opstanding, en nou, nie ons sal wees nie, ons is nou in Hemelse plekke in Christus Jesus, en kyk terug na

waar ons eens vandaan gekom het; 'n direkte bewys dat ons deel daarvan ontvang het omdat ons dood is, en ons lewe verborge is in God deur Christus, en alreeds opgestaan het in die opstanding saam met Hom. [Leë kol op band—Red.] Amen. O, goeiste!

75 Soos 'n ou gekleurde suster gesê het, verskoon my, my gekleurde vriende, ek gaan dit sê soos sy het, sy was baie suidelik, sy het gesê: "Wel, ek wil 'n getuienis gee, vanaand, Doktor."

"Goed. Gaan voort, Suster."

76 Sy sê: "Ek wil dit sê: Ek is nie wat ek behoort te wees nie," en sy het gesê: "Ek is nie wat ek wil wees nie, maar daar's een ding wat seker is, ek is nie wat ek was nie." Ja, meneer. Sy het geweet dat sy iewers opgestaan het. Amen.

77 Wat is dit? Die bewys dat ons nou dood is, ons lewe is verborge in God deur Christus, verseël deur die Heilige Gees, en opgewek saam met Hom, en sit in Hemelse plekke en hou Hom dop. Dink daaraan. Geen mag nie, maar gesag, ons het nie mag nie, ons het gesag. Christus het die mag, Hy is die mag, maar ons het die gesag.

78 Hoef nie veel te wees nie. Neem 'n ou polisiemannetjie, wat hierbuite op straat staan, en sy pistool wat daar ver onder aan sy sy sit, hom laat oorleun, sy—sy pet wat afgetrek is, sy ore platdruk, en motors wat in die straat afgaan, teen sestig myl per uur, hy het nie krag om een van hulle te stop nie. Nee, meneer. Wel, party van hulle drie- of vierhonderd perdekrag, wat daar deurjaag.

79 Maar laat hom net daar uitloop, daardie ster wat so skitter, daardie handskoen opsteek, fluit. Jy hoor remme skree en alles. Hy het geen krag nie, maar hy het gesag. Amen. Halleluja! Dis waar die Kerk vanaand is. Dit het die gesag, want Dit het opgestaan in Christus. Gesag!

80 Nou, as die polisieman sê: "Ek's bang om daar uit te gaan. Ek weet nie, my kantoor mag my dalk nie ondersteun nie," sal hulle aanhou verbyjaag. En ek sê julle, selfs die dood self laat sy remme skree wanneer daardie gesag opstaan in die Naam van die Here Jesus: "Duiwels sal hulle uitdryf in My Naam; met nuwe tale praat; slange opneem of iets dodeliks drink; hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word."

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

81 Here God, ons gee hierdie getuienisse net om die mense te help. Nou, maak ons gedagtes stil, Here, terwyl ons U Woord nader. Skenk, Here, dat die Heilige Gees nou die volgende paar woorde sal neem, en hulle in die harte van die mense sal insink,

en die vreugdeklokke van die Hemel in elke hart daar sal begin lui. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

82 In die Evangelie van Mattheüs die 4de hoofstuk, en ek wil die 17de vers lees.

> En *van toe af het Jesus begin om te preek,* deur te sê: *Bekeer julle: want die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

83 Nou, vir omtrent twintig of dertig minute van julle tyd: *Van Toe Af*. Ek wil dit vir 'n teks gebruik: *Van Toe Af*, drie woorde. Nou, daar is tye, en dinge wat gebeur wat die hele rigting van ons lewe verander, ons weet dit, ons is almal bewus. Sekere dinge vind plaas langs die lewenspad wat die hele rigting van die lewe vir ons verander.

84 Nou, soos as kind, jy kon gesê het, toe jy 'n kind was, dat sekere goed gebeur het. Ek het 'n man by die huis gehad. . . Hierdie visioene wat julle hier op die platvorm sien, is net. . . hulle is eintlik. . . hulle is visioene, maar nie die regte visioen nie. Hulle is. . . Dis julle wat dit doen. Dis nie—dis nie ek nie, dis julle, julle doen dit self, julle is nie bewus daarvan nie, maar julle doen dit. Jy kan vir God nie verduidelik nie. Enigiemand. . . Jy moet God glo met geloof. Wanneer jy vir God kan verduidelik, is dit nie meer deur geloof nie. Niemand kan Hom verduidelik nie.

85 Maar dis soos wanneer. . . Jesus was God se Gawe aan die aarde. Maar eendag toe Lasarus siek geword het, het God vir Sy Seun gesê: "Gaan weg," en het vir Hom alles vertel wat sou gebeur, want Hy het gesê in Johannes 5:19: "Die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Nou, dit moet waar wees of Hy—Hy het gelieg, en jy kan Hom nie laat lieg nie, want Hy is God. Sien? So die Vader het Hom weggestuur. Hulle het Hom laat weet om hulp te kry vir Lasarus, maar in plaas van om te kom, het Hy dit net geïgnoreer; Hy het geweet wat sou gebeur, so Hy het aangegaan. Hulle het weer laat weet, en Hy het dit weer geïgnoreer. Uiteindelik het Hy gesê: "Lasarus slaap."

Hulle het gesê: "Hy vaar goed."

Toe het Hy vir hulle vertel in hulle taal: "Lasarus is dood. En om julle ontw-. . . om julle ontwil, is Ek bly Ek was nie daar nie, maar Ek gaan hom wakker gaan maak."

86 Nou, Hy het vir Marta ontmoet, en Marta het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, enigiets wat U vir God vra, dit sal God vir U gee."

87 En by die graf kyk, Vader het Hom alreeds gewys, Hy het gesê: "Vader, Ek dank U, U het alreeds hierdie dinge gedoen. Maar," Hy het gebid as 'n voorbeeld: "Ek sê dit vir hulle wat hier staan. Lasarus, kom uit." En 'n man, wat al vier dae dood was, het weer opgestaan uit die graf, ons glo dit, die Evangelie.

Hy het nooit niks gesê van swak word nie, maar 'n vroutjie het die soom van Sy kleed aangeraak, en Hy het gesê Hy het swak geword.

88 Wat was dit? Dit was die Vader wat Sy gawe gebruik het. En dit het Hom opgeneem, en vir Hom gewys wat sou gebeur, en wat sou plaasvind, ensovoorts. En toe was dit dit, Hy het voortgegaan en dit net uitgespeel soos 'n drama.

89 Maar hierdie vrou, sy in haar geloof, het God se gawe gebruik. Sy het gesê: "As ek Hom net kan aanraak." Sien? En dit was die vrou . . . Jesus het nie geweet wie dit was wat dit gedoen het nie. Hy het gesê: "Jou geloof . . . " nie: "Ek het . . . " nie, maar: "Jou geloof het jou gered." Sien? "Jou geloof . . . " Nie *Sy* geloof nie, *haar* geloof, en dis hoekom dit Hom swak gemaak het.

90 Nou, in die dienste en hulle wat uitgaan en oral volg, en weet net hoe die Heilige Gees . . . hierdie dinge hier, dit mag julle agterdogtig laat raak, maar—maar as julle een keer uitgaan en kyk wat gebeur, en net kyk hoe presies Dit vooruit vertel . . .

91 En ek vra enigiemand enigiets wat Dit ooit gesê het, in my hele lewe, behalwe wat presies gebeur het net hoe Dit gesê het dit sou. Dis reg. Ek sê dit maande en maande vooruit, net presies. Hoeveel was hier toe ek die eerste keer deur Washington gekom het jare gelede? Julle onthou, ek moes die mense aan die hand neem, en daar staan en hulle vashou net om te weet wat dit was. En ek het toe vir julle almal gesê dat Hy vir my gesê het, as ek opreg sou wees, dat ek die einste verborgenheid van die hart sou ken. Hoeveel weet dat ek dit voorspel het? Daar is dit. Sien? Het dit gebeur? Net presies. Sien?

92 En ek wag net nou. Hoekom hou ek hierdie dienste soos hierdie? Ek vertraag, wag om te kyk wat die volgende beweging is. Dis presies. Ek weet nie watter kant toe om te beweeg nie. Ek gaan na die sendingvelde hierna, en wonder net, want ek weet ons is reg aan die einde. Sien? Hoe naby? Ek weet nie, maar ek glo ons is aan die einde.

93 Sekere dinge het gebeur. Toe ek 'n klein seuntjie was, het Hy met my gepraat, Hy het gesê: "Moet nooit rook of drink, of jou liggaam besoedel nie, daar's 'n werk vir jou om te doen wanneer Ek . . . wanneer jy ouer word." Dis in die boek daar agter, julle kan dit lees. En my moeder-hulle, hulle het gedink ek, was net senuweeagtig.

94 En toe het Dit voortgegaan, en twee dae, drie dae daarna, gesê hoe daardie brug die rivier sou oorsteek, net onder ons plek nou, sestien mans hulle lewe sou verloor daarop, en hulle het dit neergeskryf, en twee-en-twintig jaar daarna, het dit presies gebeur, en sestien mans het hulle lewe verloor. Dit was nog nooit, uit die duisende dinge, wat dit nie presies reg was nie. Sien? Dis reg. Sien, hierdie dinge gebeur wanneer jy 'n kind is, wat 'n indruk maak.

95 Nou, tyd, soos die tyd aangaan, gebeur daar, van tyd-tot-tyd, dinge wat 'n indruk laat op jou lewe. Byvoorbeeld, soos ons sê, die onsedelike vrou. Ek het hulle in belydenis gehad. Ek het een gehad nie lank gelede nie, dit was die mees patetiese geval. In 'n huis, ons het daar gesit, en hulle . . .

96 Mense skakel, kom in van regoor die wêreld. 'n Trustee van ons kerk . . . En party van hulle is in hierde gebou vanaand. Hulle weet dis waar. Daar's omtrent driehonderd op die waglys, en hulle kom in vanaf Afrika, vanaf Asië, vanaf Europa, van oral af waar ek was, en wag, kyk, hulle skryf heen-en-weer tot hulle die tyd kry. En ons sit net daar tot die Heilige Gees alles openbaar, en hulle dan sê presies wat om te doen en hoe om dit te doen. En dit het nog nooit, een keer, ooit gefaal nie. Sien?

97 Daardie persoon kom in en wag, dis miskien iets in hulle lewe. Hulle ken die plan van verlossing en dinge, maar daar's iets wat hulle nie weet hoe om te beweeg of te doen nie. En hulle wag daar vir maande, wag dat dit gebeur. Sien?

98 En ek het 'n—'n vrou gehad wat eenkeer gekom het. Dit was nie by die huis nie, dit was by 'n diens. En die vrou . . . Ek het in die saal ingegaan waar hulle die kranksinniges in baadjies het, en dit was . . . daar ingestap. En hulle kon nie buite in die openbaar wees nie, hulle was in dwangbuise, en—en party van hulle moes wagte hê.

En toe, toe ek ingestap het, het daar 'n mooi jong vrou daar gesit, mooi jong meisie, en ek het gesê: "Aangename kennis?"

Sy het gesê: "Aangename kennis? Is jy Broer Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek is." En ek het gesê: "Wel, ek weet net nie waar om te begin nie."

Sy het gesê: "Ek wens jy wil by my begin."

En ek het gesê: "Jy?" Ek het gesê: "Is jy 'n pasiënt?"

Sy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Hierdie is net vir die kranksinniges."

Sy het gesê: "Dis wat ek is." Ek het gesê . . . Sy het gesê: "Sal jy na my verhaal luister?"

En ek het gesê: "Sekerlik, dame."

99 En wat daardie vrou my vertel het! Jonk, omtrent vyf-en-twintig jaar oud, twee-en-twintig of vyf-en-twintig, so-iets sou ek skat, baie mooi vrou, en gelyk of sy vir enige man 'n lieflike, pragtige koningin sou wees.

100 En sy het vir my vertel dat toe sy grootgemaak is in 'n Christenhuis, en toe sy was, dat sy begin uitgaan het met 'n seun wat gerook en gedrink het, en een aand is daar vir haar 'n gedokterde drankie gegee, nie presies met iets om haar uit

te slaan nie, maar iets wat sy nie . . . wel, sy . . . dit was iets . . . onsedelike daad. Sy het gedink sy sal haar lewe weggooi.

101 Sy het 'n alkoholis geword, sy het 'n prostituut geword. Sy is opgetel, en na die Goeie Herder Se Tehuis gestuur toe sy maar omtrent vyftien jaar oud was, Katolieke inrigting, haar godsdiens verander van wat sy was na 'n Katoliek. Weer uitgekom, gedink sy sal reg wees, gesê dieselfde ding het gebeur.

102 Toe is sy gearresteer, sy het toe oud genoeg geraak, sy is gearresteer en het twee jaar in 'n vrouegevangenis spandeer. En daar het hulle gedink hulle het dit toe reggekry. Gesê toe sy uitgekom het, het sy gesê, het dieselfde ding net weer van vooraf begin.

103 En ek het gesê: "Wel, nou, dame, dis . . . jy probeer net 'n nuwe blaadjie omslaan, dit—dit sal nie werk nie." En ek het gesê: "Dit mag outyds klink, maar," ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra." Ek het gesê: "Verwag jy nie om ooit te trou, 'n mooi vrou soos jy, en 'n man, en babatjies soos enige normale vrou te hê nie?"

104 Sy het gesê: "Ja, maar wie in die wêreld sal my wil hê?" En sy het gesê: "Wat kan ek 'n man belowe?" Gesê: "Ek kry humeuraanvalle," gesê: "Ek sal—ek sal baklei, en—en vloek, en drink." En gesê: "Ek sal dronk word en vir 'n maand lank nooit huis toe kom nie." Gesê: "Wat sou 'n man wou soek by 'n vrou soos ek?"

105 En ek het gesê: "Hy sou nie. Maar," het ek gesê: "het jy al ooit daaraan gedink dat, in plaas van om net iets te wees wat die skool, of 'n nuwe blaadjie oorslaan, of iets wat jou kan help, dat dit 'n duiwel is?"

En sy het gesê: "Mnr. Branham, ek het dit altyd geglo." Sy het gesê: "Nou, sê hulle ek's 'n misdadige persoon."

Ek het gesê: "Ek glo dit nie. Ek glo die duiwel het jou beetgekry."

En sy het gesê: "Ek het dit nog altyd geglo."

Ek het gesê: "Nou, die enigste manier om van 'n duiwel ontslae te raak, is in gebed." En ek het gesê: "Nou, kom ons kniel en bid."

106 En sy het gebid. En sy het 'n tydjie daar gebid, ek het saam met haar gebid, en sy het opgekyk, en sy het gesê: "O, Mnr. Branham, ek—ek glo ek gaan hier uit, gaan 'n ander meisie wees."

107 Ek het gesê: "Nee. Jy gaan uitgaan net soos jy ingekom het. Sien? Jy neem dit net eenvoudig op verstandelike begrip." Ek het gesê: "Jy moet ernstig raak, Suster, met God."

108 En ons het daar gekniel, en begin bid, naderhand het sy Iets getref. Toe het sy omgedraai, en die trane wat teen daardie wange afgeloop het uit daardie groot bruin oë, sy het gesê:

"Broer Branham, ek sal dit nooit weer doen nie." O, toe het sy Iets gevind.

Sy is nou getroud en het twee of drie kinders. Sy het nooit weer van daardie dag af gedrink nie, sy het nooit gerook nie, sien, iets het gebeur.

109 Maar julle sien, dit het begin toe sy net 'n meisie was, 'n verkeerde daad. 'n Seuntjie, miskien 'n moderne klein Elvis met 'n blok haarsnit, en—en, daarbuite, wat dink hy's so oulik, of soiets, en voor jy jou kom kry, 'n meisie om hom gedraai kry soos daardie, en dan so 'n truuk soos daardie doen, dis 'n moderne Judas. Dis reg. Nou, sy het dit nie beplan nie, maar dit het as 'n kind begin.

110 Die dronklap, ek het baie van hulle ontmoet wat gesê het: "Broer Branham . . . " onder op die strate ensovoorts.

111 Toe ek in New York was nie lank gelede nie, ek sal nie tyd hê om dit te vertel nie, maar hoe ek 'n dronklap opgetel het. Hy was die president van 'n bank waarna ek kon kyk van waar hy was, gesê: "Ek het een aand huis toe gekom, ek het 'n 'Liewe John' brief gekry, ek het gedink ek sal dit wegdrink, hier is ek. Kan jy vir my vyf-en-twintig sent gee om 'n drankie te kry?" En daar het jy dit, hulle het nie bedoel om dit te doen nie.

112 Die sigaretroker, daardie vrou wat haar eerste sigaret gerook het, sy het nie beplan om 'n tabakwurm te word nie. Daardie seun, die eerste keer wat jy daardie klein mieliesy-sigaretjie gerook het, het jy nie beplan, om 'n sigaretverslaafde te word nie. Die eerste sosiale drankie wat jy gedrink het, het jy nie bedoel om 'n dronklap te word nie. Sien, jy bedoel nie om te nie, maar dit het begin omdat iemand jou beïnvloed het om dit te doen. Dis reg.

113 O, van die stories van hierdie een-en-dertig jaar om die wêreld, en om, en om, die belydenisse wat ek gehoor het, en dinge, sou die—die hare op jou kop laat rys! Om te dink aan—aan die dinge wat, hulle te hoor bely oor hoe hulle begin het, hoe onskuldig hulle was, en hoe pragtig sonde lyk, en hoe aantreklik dit blyk te wees, maar dit—dis die weg van die dood, moenie daarin ingaan nie, wat julle ook al doen. "Weerhou julle van elke vorm van die kwaad."

114 Die leuenaar, hy nooit . . . hy het gedink hy sal 'n klein leuentjie vir sy ma vertel. Hy het gegaan en bietjie koffie geëet, en—en hy het gegaan en sy asem in sy ma se gesig geblaas: "Sien, ek—ek het nie—ek—ek het nie gerook nie, mamma," maar jy het gelieg.

115 'n Rooi lig flits: "Moenie *hierdie* doen nie, klein seuntjie." Dis nie maklik om hel toe te gaan nie, jy moet jou pad hel toe veg. Elke keer wat jy verkeerd doen, is daar 'n klein rooi liggie wat in jou inval, en die aftelling kom: "Klein seuntjie, moet nie *hierdie*

doen nie." "Klein dogtertjie, moenie *daardie* doen nie." Sien, dis iets wat in jou gebeur, maar jy veg reg bo-oor dit.

116 Jy gaan by die kerk verby, en jy hoor die mense die Evangelieliedere sing, jy wil eintlik ingaan, maar o, goeiste, jy steek nog 'n sigaret aan en skud jou kop. Wat probeer jy doen? Jy veg jou pad regdeur elke versperring.

117 God stuur jou nie hel toe nie, jy stuur jouself hel toe. Breek deur elke versperring, gaan deur elke stoplig om jouself hel toe te laat gaan. En sê dan God is goed en sal jou nie hel toe stuur nie? Jy stuur jouself hel toe. God stuur niemand hel toe nie, en dit is geskape vir die duiwel en sy engele, nie vir jou nie. Maar jy veg jou pad reg daarin, mans en vroue doen dit.

118 Jy sien daardie wonders van God, (Party mense sal dit doen.), en net as gevolg van teologie, een of ander kerkgeloofsbelydenis of iets, sal jy wegstap en God weier om te keer om die Heilige Gees te kry. Jy sien mense wat onder by die altaar bid, sien daardie vroue opstaan, en mans, en hulle gesigte nat van die trane, en skree, en op-en-af loop in die gebou, party van julle aan die buitekant wat lag, julle sê: "As dit nuwe geboorte is, wil ek niks daarmee te doen hê nie. Ons kerk glo in nuwe geboorte, en ons sit net ons naam op die boek." Julle is bang daarvoor.

119 Laat ek dit vir julle sê: ek gee nie om watter soort geboorte dit is nie, dis 'n gemors, of dit nou in 'n varkhok is, en of nou in 'n hospitaalkamer is, pienk versier, dis 'n gemors. En die nuwe geboorte is niks minder nie, maar dit kos dit om Lewe te bring; jy moet sterf om weer gebore te word. Dis waar.

120 Let op hoe God waarsku: "Moenie lieg nie." Dan sal julle elke Nuwe Jaar 'n belofte onderteken: "Ek sal dit nie meer doen nie." O, jy het goeie bedoelings. Sekerlik. Die hel is geplavei daarmee, goeie bedoelings. Jy dink nie dat. . . Jy dink dis die manier om dit te doen, veronderstel net dat dit die manier is wat jy dit moet doen. Sê net elke Nuwe Jaar: "Wel, ek gaan my Nuwe Jaar geloftes aflê, ek sal hulle almal uitskryf," en voor daar twee dae verby is, het jy al klaar die helfte van hulle verbreek. Sien, jy kan dit nie doen nie.

121 Gooi weg julle. . . die pakkie sigarette en kyk waar hulle land; gooi jou bottel iewers uit en maak seker jy breek dit nie, sit dit op 'n rak en sê vir vrou: "Ek gaan dit nie meer doen nie," sê vir man: "Ek sal nooit weer drink nie."

122 Maar kyk net wat jy daarmee maak, want jy gaan weer reguit terug soontoe, soos 'n vark na sy rolplek en 'n hond na sy braaksel. Dit moet iets anders neem; jy moet uitsterf vir die skepsel wat jy is. Sien? Ja, meneer.

123 Dit begin as 'n onskuldige kind, miskien in 'n goeie Christenhuis, maar daar was iemand wat verbygekom het, een of ander skelm het gekom en jou van die regte pad laat afdwaal.

Jy kan die tyd merk wat dit begin het, toe jy die eerste keer begin lieg het, toe jy die eerste keer begin steel het, toe jy die eerste keer begin drink het, toe jy die eerste keer enigiets begin doen het wat verkeerd was.

124 Voordat jy enigsins die verkeerde kan aanvaar, moet jy die regte weier. Jy moet weier reg voor jy. . .Jy moet God se Waarheid weier, voor jy ooit enigiets verkeerd kan aanvaar. Dis presies reg. Let op. Nou, in die Nuwe Jaar, verander jy en sê: "Nou, dis. . .Ek gaan 'n nuwe blaadjie omslaan." Jy het goeie bedoelings. Sekerlik. Ek glo die nasie het goeie bedoelings.

125 Ek kan net skaars onthou, as 'n klein seuntjie, omtrent vyf jaar oud, toe die Eerste Wêreld Oorlog uitgebreek het. Ek weet my pa het opgekom in die pad met twee perde in 'n geveerde wa, en hy het 'n sak boontjies en 'n bietjie meel gehad (hy was na die kruidenier toe), op die—die sitplek gesit. En ek het hom gehoor, van die wa afklim, inkom.

En moeder het gesê (ver onder in die stad, myle ondertoe), gesê: "Ek het al die fluitjies hoor blaas."

126 Hy het gesê, haar naam was Ella, gesê: "Ella, hulle het oorlog verklaar." En hy was omtrent twee-en-twintig jaar oud, gesê: "Jy weet wat dit beteken? Ek gaan."

En ek het daardie sak boontjies opgetel, ek het gesê: "Hulle agter my pappa aankom, sal ek hulle met hierdie sak boontjies slaan." Ek was—ek was so klein, maar ek. . .

127 Hy het gesê: "Nou, hulle sê vir ons, as ons oorsee gaan en hierdie oorlog veg, sal daar geen oorloë meer wees nie." En gesê: "Hier's Billy, hy sal dalk eendag moet gaan; daar's Edward, hy sal dalk moet gaan; daar's Melvin, hy sal dalk moet gaan." En gesê: "As ek gaan en help om te veg en hulle kry, weer vry word," gesê: "hulle sê vir ons daar sal nooit weer oorloë wees nie, en dit sal oorloë afhandel wanneer hulle hierdie groot Wêreld Oorlog het."

Hulle het goeie bedoelings gehad toe hulle dit gesê het, maar hulle het net weer gekom met nog een. Ja, meneer.

128 Hulle het, wat hulle noem, die Volkebond, naderhand gevorm, 'n polisie. Hulle het gesê: "Ons het nou die idee," goeie bedoelings: "ons het die Volkebond, en wanneer ons dit het, sal ons die hele wêreld daarmee polisieer." Jy kan dit nie doen nie, dit het net platgeval.

129 Hulle het die V.N. nou. Hulle is nie die handves werd waarop dit geskryf is nie. Dis reg. Beslis. Wanneer hulle nie gebed wil aanvaar nie, en elke ander weg neem behalwe die weg van God, wel, hoe—hoe lank kan dit hou?

130 Hulle het goeie bedoelings, maar dit hou net nie. Dit hou beslis nie. Dit het sy onderpunt bereik, en gaan in die geskiedenis in as stof. Wel, julle sien waar dit net nou is. Die hele wêreld skud, en wat help die V.N.? Dis net 'n naam. Dis reg.

131 Geen nasie is ooit gemaak om oor 'n ander te heers nie, God het die mens gemaak, en die mens het slawe gemaak. Ons moenie slawe wees nie, ons moet broers wees. Dis wat die Evangelie vir ons leer, om broers te wees.

132 Hier kom die kerk met goeie bedoelings, hulle het gedink: "Ons sal die . . . hierdie groot denominasie maak. Ons sal ons predikers oplei, ons sal hulle goed leer en alles, en hulle sal die mense leer, en daar sal geen ongeletterdheid meer in ons land wees nie."

133 En wat het ons gedoen? Ons het 'n klomp geleerde heidene, ongelowiges weer, van die Woord van God. Alles wat . . . Die mens het altyd self iets probeer bereik, maar hy was nog nooit in staat om dit te doen nie. Nimrod het 'n toring probeer maak waarop hy tot in die Hemel kon klim, dit het tot stof verval. Nebukadnesar het 'n stad gebou, onsterflik, Ewig, het hy gedink, dit het stof geword.

134 Die Amerikaners, jaloers op haar suster, Engeland, het 'n skip, met die naam Titanic gebou, wat "nie gesink kon word nie." God het die wêreld met 'n magtige hand gewys dit kan nie staan nie.

135 Die . . . Frankryk het gedink hulle kan in sonde lewe en die Siegfriedlinie maak. Wat het dit gehelp? Duitsers het reg agter dit omgeloop en dit ingeneem.

136 Duitsers het die Maginotlinie gebou en gesê: "Ons het iets wat niemand, by kan inkom nie." En die Amerikaners het dit uitgeblaas met bombrekers. Dis reg. Dit wys net dat die mens se prestasies niks werd is nie, omdat hy korrup is in sy denke, en hy nie kan staan nie. Wat is dit alles? Daar is iets daarin wat egter wys dat daar 'n Ewige Stad is. Dis reg.

137 Jong getroude paartjie, toe hulle getroud is, ek het hulle by belydenis gehad, kry hulle baiekeer in die gebedsry, en hulle sê: "Wel, Broer Branham, ek en John is getroud, ons sou 'n tuiste skep, en dit was alles reg, tot eendag wat 'n versekerings-invorderaar, of 'n—of 'n boekverkoper, na die deur toe gekom het, en—en hy gevra het of ek net kan inkom net 'n . . . of hy vir 'n paar minute kan inkom, ek hom net laat inkom het. En van toe af," sien, "daar het dit begin.

'n Man kan sê: "Broer Branham, ek het 'n goeie vrou gehad, ek—ek het 'n goeie familie gehad, en eendag het ons 'n nuwe kantoormeisie aangestel . . . "

"Ek was onder in die park, ek het 'n dametjie ontmoet, sy het 'n kortbroek aan gehad, sy het na my toe gestap. Van toe af." Sien?

138 Daar's 'n tyd wat jy begin. Ja. Daar was 'n tyd toe al hierdie goed begin het. Daar was 'n tyd wat die dood begin het, dis toe

Eva, wat eendag deur die tuin van Eden gewandel het, Satan ontmoet het. En Satan . . . Toe God Sy—Sy Kerk gehad het . . .

139 Wanneer mans oorlog maak, bestudeer hulle dinge om—om te beveg. Toe hulle die eerste keer die helm op 'n rekruut gesit het, het hy gedink dis die verskriklikste ding wat hy ooit gehad het, en om 'n negentig pond rugsak op sy rug te dra, maar toe hy daarbuite in die geveg beland het, het hy al die gereedskap nodig gehad.

140 Toe hy 'n helm op hom gesit het, het dit beteken hy sou moes, het daardie helm, nodig gehad, want daar gaan skrapnel wees. Hy het dit nooit vantevore gehad nie, maar hy moes dit toe hê, omdat dit benodig was, hulle het dit bestudeer.

141 Elke jaar bestudeer hulle iets anders, kry iets groter, omdat die oue uitgedien raak. Ons goeie vliegtuie wat ons in die vorige oorlog gehad het, is rommel, biljoene dollars van hulle. Die ou stoomlokomotief is uitgedien. Beslis. Die kanonne wat ons gebruik het, eers die ou Krag-Jørgensen, en toe die—die Springfield, en toe tot by die moderne Garand, en nou is dit 'n atoommissiel. Hulle is almal uitgedien. Ons probeer vind, bly iets beters vind.

142 Maar toe God Sy man begin verskans het, het Hy vir hom die beste Ding gegee, en Hy hoef glad nie meer te verander nie, Hy het vir hom Sy Woord gegee. Amen. Dis sy Fort: God se Ewige Woord.

143 En toe die vyand gekom het, spioene . . . Ons het Engelse spioene hier, en—en ons het spioene in Engeland. Ons het spioene regoor die wêreld, en hulle het spioene van regoor die wêreld hierbinne. Wat probeer hulle doen? Vind wat ons probeer bereik het.

144 En die duiwel werk op dieselfde manier. Hy kom in om iets te probeer vind, wat God gedoen het, en om dan iets te vind om dit teë te werk. Maar God hoef nooit Syne te verander nie, want Hy het vir hulle Sy Woord gegee aan die begin. Hy is oneindig, Hy kan nie verander nie. En Dit is steeds Sy Woord vandag, verander nooit van Sy Woord nie. Daar is Hy in Sy Woord. Sy Kerk is verskans deur die Woord. Sy eerste persoon was verskans, Eva. Maar toe sy net vir 'n minuut gestop het om na Satan se taktieke te luister . . .

145 Wat is Satan se taktieke? Redenasie: "Dis net redelik . . . " En wanneer jy enigiets hoor wat teen die Woord redeneer, kom weg daarvan, dis die duiwel. Gee nie om hoe outyds dit is, hoe vreemd dit lyk nie, wanneer God so sê, handel dit dit vir Ewigheid af. Kom weg van enigiets wat teen die Woord redeneer.

146 "O, dis redelik, vandag, ons het nie Goddelike genesing nodig nie, want ons het goeie dokters." Kom weg daarvan. "Dis . . . O, net die twaalf apostels het die Heilige Gees ontvang. Dit . . . "

Wel, hoekom het Petrus gesê? "Dis kom julle toe, en julle kinders, vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

'n Kêrel het gesê: "Dit was net vir destyds *daar*."

147 Ek het gesê: "Jy's te laat, ek het dit al klaar *hier* onder gekry," so—so ons—so ons weet dis reg. Sien? Enigiets wat redeneer teen die Woord van God . . . Gesê: '"Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.'" Hoe? '"Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo . . .'" in die hele wêreld, op alle tye. "'Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.'"

148 Hoe ver? Ek kan vir julle wys waar God Goddelike genesing in die Kerk geplaas het. Nou, wys julle vir my, met die Woord, waar Hy dit uitgehaal het. Sien? Die wonderwerke en tekens, en die Heilige Gees, Hy is dieselfde Jesus gister, vandag, en tot in ewigheid. Sekerlik.

149 Nou, ons let op, as—as Satan Eva ooit kon kry om te redeneer dat daardie Woord was . . . Gesê: "Nou, julle sal sekerlik nie sterwe nie. O, sekerlik, God het gesê, dis presies reg, maar sekerlik . . . "

150 Die die eerste ding waarmee hy gewen het, en dis die ding wat hy steeds . . . die menslike ras mee platgeslaan het, redenasie. Hy maak die menslike ras dood deur redenasie teen Sy Woord.

151 En groot kweekskole en dinge kom op, en hulle sit hulle koppe bymekaar en redeneer, en sulke dinge. Ek gee nie om hoeveel koppe daar is nie: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en God s'n die Waarheid." Reg.

152 Let op, God werk met 'n individu. En let op, maar elke keer is daar 'n sekere ding: "Van toe af."

153 Van die tyd dat Eva geluister het na die redenasie van Satan, het dood in die wêreld ingekom en regeer sedertdien. Onthou, moenie daardie plek vergeet waar Eva . . .

154 Daar was 'n tyd toe daar geen dood op aarde was nie, daar was 'n tyd toe die mens nie hoef te gesterf het nie. Maar omdat Eva geredeneer het, geluister het na Satan se redenasie teen God se Woord, het die dood van daardie tyd af regeer, en dit regeer vandag nog.

155 Maar laat ek dit sê: Ten aanskoue van dit alles, is daar 'n tyd, en 'n ding wat kan gebeur wat nooit sal verander nie, dis Ewig. Daar is iets wat kan gebeur in 'n menslike lewe wat nooit kan verander nie, wat Ewig is, dis wanneer 'n mens vir God ontmoet. Dit is vir Ewig afgehandel, wanneer 'n mens vir God ontmoet, wedergebore word deur die Gees van God, het hy die Ewige Lewe. Nou, ons glo dit met ons hele hart.

156 En onthou, wanneer daardie man, 'n mens, of daardie vrou, daardie seun, of daardie meisie, ooit vir God ontmoet en verander

word, is hy nooit weer dieselfde nie, hy is verander van daardie tyd af. Dis reg. Hy sal nooit weer dieselfde wees nie, maak nie saak, hy mag weggaan van God af, maar God sal nooit weggaan van hom af nie. Oral waar jy gaan, sal jy dag en nag gepla word as jy ooit vir God ontmoet, tot jy weer terugkom. Dis reg.

157 'n Afvallige is die ellendigste lewe wat daar is, en so, sal dit jou dag en nag pla. Hoeveel keer het ons hulle belydenisse en dinge gehoor, hoe ellendig, hoe verskriklik, dit alles! As hulle het, weet hulle hulle sal presies moet maai wat hulle gesaai het. En onthou, jy plant een pit en jy kry 'n hele kop van hulle. Sien? So ons weet daar gaan baie gemaai word vir die saaiwerk wat jy gedoen het. En. . . Maar die mens wat vir God ontmoet, is nooit weer dieselfde nie. Kom ons neem nou 'n paar manne, voor ons by die plek kom waar ons wil.

158 Kom ons neem, byvoorbeeld, vir Abraham. Hy was net 'n gewone man. Hy het afgekom van die. . . Babilon af saam met sy vader, en hy het gelewe. . . gewoon in die land van die Chaldeërs, in die stad van Ur, waarskynlik 'n boer, 'n gewone man. Hy was nie 'n spesiale man nie, hy was net 'n man, en hy het genade gevind in die oë van God.

159 En God het vir hom gesê, toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, dat Hy hom 'n vader van nasies sou maak, en dat Hy vir hom 'n kind sou gee by sy vrou, Sara, wat toe vyf-en-sestig jaar oud was. En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

160 Abraham is verander. En kyk, wanneer 'n man vir God ontmoet. . . God het vir Abraham geroep, en Hy het vir hom gesê Hy wou hê hy moet homself afsonder van al sy ongelowige familie. En wanneer God 'n man roep om vir Hom te werk, roep Hy jou van totale vernietiging van al die dinge van die wêreld, en die sonde van die aarde; afsondering.

161 God het nooit vir Abraham geseën tot hy Hom ten volle gehoorsaam het nie. Hy het sy vader geneem, die ou man was altyd 'n—'n haar in die sop, of, verskoon daardie uitdrukking, maar hy was altyd verkeerd, en hy. . . en Abraham. . . en toe het hy vir Lot gekry, en toe het hy uiteindelik afgegaan soontoe. En nadat Lot homself afgesonder het, toe het God vir Abraham gesê: "Staan op en loop deur die land, Ek het dit alles vir jou gegee, dis alles joune." Sien, Hy het hom nooit ten volle geseën tot Abraham ten volle gehoorsaam het nie.

162 En julle sal nooit in staat wees om enigiets van God te kry, en guns by God te hê, my broers en susters, waar julle ook al is, tot ons die Woord van God ten volle gehoorsaam nie. Jy maak jouself ellendig deur Dit net halfhartig te benader. Ja.

163 Maar toe Abraham vir God ontmoet het, was hy 'n veranderde man, hy was van daardie dag af. Hy het soort van snaaks opgetree, rondgehardloop. . . Ek kan my vir Sara

voorstel, wat rondgaan op vyf-en-sestig jaar oud, wat 'n paar babakousies maak, en—en bietjie van die voël-oog materiaal kry, en 'n klomp spelde, en gesê het: "Wel, ons gaan die babatjie kry."

En toe, toe die gewone tyd gekom het, kan ek Abraham hoor sê: "Skat, hoe voel jy? Dis omtrent daardie tyd."

"Niks anders nie."

"Prys God, gaan in elk geval die baba kry."

Twee maande het verbygegaan: "Skat, enige verskil?"

"Nee, glad geen verskil nie."

"Prys God, dis 'n groter wonderwerk as wat dit verlede maand was. Gaan in elk geval die baba kry."

Vyf jaar het verbygegaan. "Hoe voel jy nou, skat?"

"Niks anders nie."

"Halleluja! Ons gaan die baba kry, dis 'n vyf-jaar-groter wonderwerk. Prys God."

Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan. "Hoe voel jy, Sara?"

"Niks anders nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval kry."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê."

164 Hy het vir God ontmoet en was 'n veranderde man: "Hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie; maar was sterk, en het God geprys."

165 Nou, ons is veronderstel om Abraham se Saad te wees as ons daardie soort geloof het: Wat God sê is die waarheid. Wanneer 'n man vir God ontmoet, is Sy Woord altyd die waarheid. As 'n man wat sê hy glo God, en hierdie Woord ontken, is daar iets verkeerd, want die Heilige Gees is God, en die Heilige Gees het die Bybel geskryf, en hoe kan die Heilige Gees *hierbinne* wees, en die Bybel geskryf het, en dan omdraai, Dit ontken? Iets is iewers verkeerd.

166 Ek sê vir julle, 'n egte Heilige Gees ondervinding sal elke sin van daardie Bybel beaam met 'n "Amen." Reg. Ongeag van wat enigiemand anders sê, Dit sal dit beslis doen, want Dit is die Gees van God, die Skrywer van die Bybel. En die Gees—die Gees van die Woord is die Heilige Gees, dis wat Dit lewendig maak: "Die letter maak dood, die Gees gee dit Lewe," sien, gee die letter, die. . .net die gedrukte letter, Lewe, manifesteer dit, laat dit gebeur net presies wat God belowe het.

167 Abraham was 'n veranderde man, sterk, wat God die heeltyd geprys het. Maak nie saak hoeveel hy het nie, hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie. Hoekom? Hy het God ontmoet, hy was 'n veranderde persoon.

168 Eenmaal 'n wegholprofeet, in sy intellektuele begrip van wat God was, in die wete dat hy 'n geroepe man was, gehad al . . . hy kon selfs die wysheid van—van Egipte leer, en kon hulle leermeesters wysheid leer, maar het weggehardloop, met 'n mooi Ethiopiese meisietjie getrou, daaragter in die woestyn gelewe, gevestig, die gevoel vir die mense was weg.

169 Dis wat fout is met die kerke in die wêreld vandag. Ons het die gevoel verloor. Daar's geen bidure meer nie. Daar's nie meer . . . Lyk asof dit dood is. Ek skel nie, ek maak net 'n waar stelling, broers, en julle weet dit almal, julle sien dit in julle kerke. Ons . . . Dis, iets het gebeur. Daar's net geen belangstelling meer nie, iets is verkeerd, die Vuur het doodgegaan. In die ou Romeinse tempel van Vesta, wanneer die vure doodgegaan het, het die mense huis toe gegaan, besigheid was verby. O, steek weer die Vure aan, die Vuur op die altaar van ons hart! Ja. O, kry vir God terug in ons midde. "Kry vir God terug," is ons gebed.

170 Nou, Moses het klaar die gevoel vir sy mense verloor. Hy het gefaal met sy intellektuele begrip van die Woord. En hy het eendag agter in die woestyn rondgeloop, en daar was 'n Vuur in 'n bos. Daardie Lig wat hom gevolg het, was in die . . . wat hom sou volg, was in die bos. Hy het tot langs daardie bos geloop, sy skoene uitgetrek, en 'n Stem het gesê: "Ek het die beproewing van My volk gesien." Daar is Iemand wat steeds geïnteresseerd is, dis God.

171 Hy het gesê: "Ek het die beproewing van My volk gesien, Ek het hulle uitroepe gehoor, as gevolg van die slawedrywers, en Ek het neergedaal. Ek onthou My belofte." Halleluja! Hy kan nie 'n belofte maak tensy Hy dit onthou nie. Amen. Hy altyd, God onthou Sy belofte Ewiglik. God 'n belofte maak, onthou God altyd Sy belofte. Hy het gesê: "Ek onthou My belofte aan My volk, en Ek het neergedaal om hulle te verlos, en Ek stuur vir jou." Amen.

Moses het gesê: "Wie is ek?"

Hy het gesê: "Jy gaan."

Hy het gesê: "Maar ek kan nie praat nie."

Hy het gesê: "Wie laat die mens praat of stom wees?" Amen. Moenie met God stry nie. Vat net Sy Woord.

Laat ek julle vertel, eendag daar, het Hy gesê: "Ek sal vir seker met jou wees."

Hy het gesê: "Wys vir my U heerlikheid."

Hy het vir hom Goddelike genesing gewys, vir hom gewys om 'n wonderwerk te doen. Hy was gereed om te gaan. Ja, meneer.

172 Nou, kyk watter verskil: Eendag 'n verslane intellektuele reus agter in die woetsyn met 'n—met 'n huiswerkie om sy skoonpa se skape te voer. En die volgende dag ons . . . Ek sê vir

jou, wanneer jy vir God ontmoet, doen dit iets aan jou, dit laat jou kranksinnig optree vir die wêreld. Kyk na hom die volgende dag, hy neem sy vrou, Sippora, sit haar op 'n muil, en 'n kleintjie op haar heup, en sy baard wat afgehang het omtrent soos *hierdie*, en sy kaal kop wat geblink het, 'n krom stok in sy hand, die wangbaarde wat gewaai het, wat skree: "Prys God! Prys God!" Ou man, tagtig jaar oud.

"Waarheen gaan jy?"

"Gaan af Egipte toe om oor te neem."

"Wat?"

"Gaan af Egipte toe om oor te neem." 'n Een-man-inval. Hoekom? Hy het vir God ontmoet. En die vreemde ding daarvan, hy hét dit gedoen, hy hét oorgeneem.

173 God wil net een man hê vir wie Hy ten volle onder Sy volle beheer kan kry, dis reg, een man wat ten volle aan Hom sal oorgee.

174 "Ek gaan af om te gaan oorneem." Wat 'n belaglike ding! 'n Leër soos, in daardie dae, wat die hele wêreld oorwin het, 'n groter leër as wat dit vandag sou wees, soos om vir Rusland tegemoet te gaan. Het 'n ou krom stok in sy hand gehad.

"Wat gaan jy daarmee maak?"

"Hierdie stok en die krag van God. Hier gaan ek," die wangbaarde wat waai en . . . heen-en-weer, en 'n ou man, tagtig jaar oud.

175 Hoekom het hy dit nie gedoen toe hy 'n jong krygsman was nie? Sien, God moes al daardie intellektuele uit hom uitslaan. Hy moes hom agter in die woestyn inneem, en hom afbreek, en hom verpletter, en hom terugbring, en aan hom verskyn, en hom wys wat Hy was, en Hy wa- . . . Toe hy vir God ontmoet het, was hy 'n veranderde man. Laat mense vandag ook soort van snaaks optree, wanneer hulle vir God regtig ontmoet, maar hulle weet waar hulle staan.

176 Herinner my aan toe ek altyd kalwers gebrandmerk het. My moeder het altyd gesê, toe ek altyd die aankering gery het, ons daardie kalwers sou brandmerk, sou sy sê: "O, Bill, hoe kan jy . . . ?"

177 Ek het baiekeer die ysters warmgemaak, die ysters gedra, ek kon nie die durf hê, dit op die kalf te sit nie, maar hy . . . Het gesê: "Waarom doen jy dit . . . ?" Gesê—gesê: "Dis verskriklik." Gesê: "Wat doen jy?"

178 Ek het gesê: "Wel, ons maak net sy pote vas, druk hom daar vas, en druk die brandyster op hom." En ek het gesê: "Brand net reg in sy vel in, en sit 'n bietjie teer daarop, en laat hom gaan." Ek het gesê: "Hy kry omtrent 'n toeval soos hy hardloop, hy skop

net, en skree, en bulk, en gaan aan." Maar, broer, daarna weet hy dan aan wie hy behoort. Dis presies reg.

179 Dis hoe dit is met die Heilige Gees. As God jou ooit lank genoeg kan stil kry om 'n brandmerk op jou te sit, halleluja, jou in die Liggaam van Christus kan inseël met die Heilige Gees, weet jy waar jy behoort.

180 Ons lewe in 'n groot dag van verbastering. Ek het 'n gedeelte gelees in die *Reader's Digest* nie lank gelede nie, hierdie bastergoed. Ek oppad was, het ek gesien dit sê: "Bastermielies, yslike groot mielies, mooi koppe." Dis nikswerd, dit beteken niks nie, dit beskadig jou. Basterbeesvleis, verbaster, alles is verbaster, verbaster, verbaster. Dis nikswerd. Neem jou bastermielies, probeer dit weer plant, kyk wat jy kry. Dis nikswerd.

181 Hulle het selfs bastergodsdiens ook vandag. Dis reg. Dit is waar. Hulle het dit met 'n denominasionele belydenis aanvaar in plaas van 'n Heilige Gees ondervinding, verbastering.

182 Wat doen verbastering? Maak 'n kop wat beter lyk, maar dit het geen lewe daarin nie. Dis hoekom, as dit 'n kerk maak wat beter lyk, maar geen Lewe daarin nie, baster. Dis reg.

183 Wetenskap bewys hulle eie verkeerd, of, bewys hulle eie teologie, dat die mens van 'n enkele sel af kom, deur dit te doen. Hy kan nie homself hoër en hoër ewolusieer nie, want sodra hy eenmaal sy geslag verbaster het, is hy net daar gedaan.

184 Jy neem 'n muil. 'n Muil is die onkundigste ding wat daar is. Ek het altyd jammer gevoel vir hom. Daar staan hy. En kyk, hy weet nie wie sy pappa, mamma was nie. Sy mamma was 'n perd, en sy pappa was 'n donkie. So hy weet nie wie hy was nie. Hy weet nie of hy 'n perd of 'n donkie is nie, hy weet nie; hy's 'n baster, hy kan nooit homself terugteel nie, hy's gedaan.

185 Omtrent soos met sommige van hierdie muilgodsdiens wat ons vandag het. 'n Muil is 'n—'n laagste ding, hy sal sit en jy sê *net iets*, vir hom soos daardie, en hy steek sy ore op en "Haw, haw, haw!" Sien? Hy weet nie eers wat . . . Daar's geen sagmoedigheid in hom nie, hy's net 'n muil.

186 En jy kan sit en praat van God se groot tekens en die Heilige Gees, daardie ou muile sit daar en sê: "Haw! Dae van wonderwerke is verby. Glad nie so-iets soos die Heilige Gees nie." Jou verbasterde intellektuele! Ek raak nie gemeen nie, maar ek sê julle net wat dit is. O, hy weet nie wie pappa of mamma was nie.

187 Maar, o, ek hou van 'n regte opreggeteelde perd. O, hy's sagmoedig, jy kan vir hom iets leer. Dit . . . Ek hou van 'n regte opreggeteelde Christen, wat wedergebore is deur die Heilige Gees, nie een wat gister Metodis was, Baptis die volgende dag, en Presbiteriaans die volgende dag, en iets anders *vandag*, elke

keer wat iets verkeerd gaan in die kerk nie. Maar 'n egte Heilige Gees wedergeborene, hy weet wie sy voorouers was, hy weet wie sy Pappa en Mamma was, hy weet waar hy vandaan kom; hy's gebore uit die Gees van God. Halleluja! Jy kan die Woord van God op hom flits en hy sien dit vinnig, ja meneer: "Amen," sê hy. Nou, wat 'n goeie ding is hy, 'n eksemplaar. Maar al hierdie verbastering! Ja.

188 Moses, wat nou 'n opreggeteelde Christen was, 'n gelowige, gaan af na Egipte, tree vreemd op, baie vreemd, maar hy weet wat gebeur het, want daar was 'n tyd waar hy vir God ontmoet het. Ja, meneer.

189 Daar was ook 'n tyd toe . . . Ek dink aan—aan iemand anders wat vir God ontmoet het, wat 'n klein maagd was. Sy het iets gehad om te glo, Maria. Nog nooit 'n baba in die wêreld gebore sonder 'n vader en moeder nie, ons weet dit. So ons vind uit dat Maria, 'n klein maagd, op haar pad na die put toe eendag, daar 'n groot Lig voor haar geskyn het, sy het gekyk, daar in die Lig het gestaan, en daar het Gabriël, die Aartsengel gestaan, gesê: "Wees gegroet, Maria. Geseënd is jy onder die vroue," en haar net presies vertel wat sou gebeur.

190 'n Paar dae voor daar, het hy 'n priester ontmoet, en . . . haar niggie se man, Sagaria, en hy het by die altaar gestaan en wierook wuif, en Gabriël het verskyn en vir hom vertel hy gaan huis toe om by sy vrou te wees en hy gaan 'n kind kry, en sou sy naam "Johannes" noem.

Daardie priester het gesê: "Hoe kan dit wees? Ek's te oud, dit kan nie gebeur nie. Nee, dit kan nie gebeur nie."

Hy het gesê: "Ek's Gabriël, wat gestuur is uit die Teenwoordigheid van God. My Woord sal vervul word in hulle dag. Jy sal stom wees tot die baba gebore word."

191 Maar hier kom hy na hierdie klein maagd toe. Nou, Sagaria sou gehad het—sou baie—baie voorbeelde gehad het, want hy het uitgevind dat daar Hanna was, sy het 'n baba gehad toe sy oud was; Sara het 'n baba gehad toe sy oud was. Baie voorbeelde in die Bybel, maar steeds was hy afgestomp daarvoor. Maar Maria moes iets glo wat nog nooit gebeur het nie, maar sy het vir God ontmoet, gesê: "Hoe sal dit wees?"

Gesê: "Die Heilige Gees sal jou oorskadu. En daardie Ding wat in jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word."

Sy het gesê: "Hier is die diensmaagd van die Here." Wat? Sy het vir God ontmoet.

192 Sy kon nie stilbly nie, ek neem aan sy het daardie pot teruggeneem huis toe, en oral begin getuig, en haar wangetjies wat gebloos het, te sê: "Ek gaan 'n baba kry. Ek gaan 'n baba kry," bo in die heuwels van Judéa in.

193 Sy het gehoor van haar niggie, Elisabet, wat 'n baba daarbo sou hê. En so, kan ek my voorstel. . . Julle weet, sy het haarself nou binne gehou vir 'n redelike tydjie. Sy was omtrent ses maande, met Elisabet. Daar's ses maande verskil tussen Johannes en Jesus.

194 En so, was sy binne vir omtrent ses maande, binne gebly, nie soos party van hierdie vroue vandag nie, verskoon my, julle sal na julle dokter luister, en ek is julle broer. Maar, sien hierdie vroue wat gaan moeders wees hierbuite met kortbroekies aan, en wat-. . . dis 'n skande vir die mensdom. Eerlikwaar, ek glo nie 'n hond sal dit doen nie. En daar, hierdie vroue hierbuite wat so optree, dis—dis die jammerlikste ding wat ek nog ooit in my lewe gesien het, belaglikste ding.

195 En dan sien een of ander seun jou meisies buite soos daardie, en laat hy hulle dan net beledig, en dan wil jy hom tronk toe stuur. Jy's die oorsaak daarvan om haar so uit te stuur.

196 En julle mans wat julle vroue so laat uitgaan, skaam julle! Wat's fout? Het jy nie meer respek vir jou vrou as dit nie? Nou, nee, ek wil nie daarmee begin nie. Let op. Dis 'n slegte ding vir my. Nee. Ek verloor te veel vriende, maar ek weet ek bly in vriendskap met Christus, want dis net *hier* geskryf. Dis presies reg.

197 En hier, het Elisabet haarself verberg. En toe, toe Mariatjie. . . Ek kan haar in die paadjie sien opkom, vinnig as wat sy kon, julle weet. En Elisabet was daaragter besig om kousies te maak en te huil, want klein Johannesie, julle weet, hy was—hy was ses maande, en hy was dood, hy het nog nooit eens in die skoot beweeg nie.

198 Hier het Mariatjie gekom, en sy hardloop in, en Elisabet trek die gordyne oop in die woningvenstertjie daarbo en sien vir Maria aankom, so, hulle was niggies, sy hardloop uit om haar te ontmoet, en gooi haar arms om haar, en sê: "O, Skat, ek's so bly om jou te sien."

"O, ek sien, natuurlik, jy gaan ma word."

199 "Ja, ek gaan ma word." Gesê: "Maar ek—ek's 'n bietjie bang," sy het gesê: "dis ses maande vandat ek ma geword het, en daar was nog geen lewe nie, en ek's net 'n bietjie bekommerd."

Maria, met haar oë wat geblink het, sestien of agtienjarige meisietjie, het gesê: "Ek gaan ook 'n Babatjie kry."

"O, is jy en Josef alreeds getroud? Ek's bly om dit te hoor."

"O, ons is nie, ons is net verloof, ons is nog nie getroud nie."

"En jy gaan 'n Baba kry? Wat makeer? Wat hiervan?"

200 Sy het gesê: "Ja, ek het vir Gabriël, die Engel ontmoet. Ek het vir God ontmoet. En hy het vir my gesê dat hierdie heilige Ding

die Seun van God genoem sal word, en gesê ek moet Sy Naam 'Jesus' noem."

201 En net sodra, die eerste keer wat daardie Woord *Jesus Christus* ooit uit 'n menslike lip gespreek is, het die babatjie in die skoot van—van Elisabet lewendig geword, en begin spring van vreugde. Dis reg. En haar geloof . . . Gesê sy is gevul met die Heilige Gees, en sy het gesê: "Van waar kom die moeder van my Here? Want sodra die geluid van jou groet my ore bereik het, het my baba in die skoot opgespring van vreugde."

202 En as die—as die eerste keer wat *Jesus Christus* ooit gespreek is deur 'n menslike lip 'n dooie baba laat lewe het, wat behoort dit te doen vir 'n kerk wat sê dat dit wedergebore is deur die Heilige Gees? Amen, in die . . . Hoekom? Hulle het vir God ontmoet, iets het gebeur.

203 O, sekerlik, dit was daardie Simon Petrus, daardie man wat deur sy vader geleer dat wanneer die Messias kom, Hy 'n profeet sou wees. En Simon was 'n visserman, maar eendag, toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus Christus ingestap het, en Hy gesê het: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona, en Ek sal jou van nou af Petrus noem," het hy geweet Dit was die Messias, hy was 'n veranderde man van daardie dag af, hy sou mense in plaas van visse vang, hom vissers van mense maak, omdat hy vir God ontmoet het, hy dit herken het as die waarheid; hy het Hom ontmoet.

204 Dit was Paulus, Saulus van Tarsus, wat op sy pad was ondertoe, kerklik, geleer onder Gamaliël, die groot leraar, het al die fasette van die Fariseërgodsdiens geken, ensovoorts, hy was op sy pad ondertoe, al daardie holy-rollers gearresteer wat so aangaan het, het papiere in sy sak gehad om hulle almal wat daar onder in Damaskus was, te arresteer.

205 En meteens het die groot Vuurkolom om hom geswaai, en hy het op sy voete geval. O, hy het as 'n ander persoon opgestaan. Hoekom? Hy het vir God ontmoet. Iets het hom net daar verander, toe hy Hom hoor sê het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek's Jesus, en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop."

206 Daar was eendag 'n blinde man, wat langs die pad sit en bedel het, maar hy het vir God ontmoet. Hy het daar gesit en dink aan . . . Waar ou blinde Bartimeüs gesit het, het hy gedink, daar onder by die rivier, 'n paar honderd jaar gelede, het Josua, daardie groot krygsman, daar oorgegaan met Israel oor die droë grond in die maand van April, toe God Sy magtige hand geneem en die waters vasgehou het: "O, as ek net in daardie tyd kon gelewe het, sou ek daar afgeloop, en gesê het: 'Josua, bid vir my.'

Maar helaas, die priester sê vir my die dae van wonderwerke is verby.

207 "O, dink net, reg af in hierdie pad, in hierdie keisteenpad waar ek is, het Elía en Elisa afgekom, arms ingehaak, afgestap na die Jordaan om die Jordaan op te klaar. As ek net hier gelewe het in daardie dag, sou ek uitgestap en gesê het: 'Profete van die Here God, bid vir my.' Maar helaas, die dae van wonderwerke is verby, sê die priester.

208 "En dink, toe Josua wou laer opslaan, of, hierdie mure van Jerusalem omsingel, en een van die klippe waarop ek nou sit. . . Eendag toe hy buite aan die rondkyk was, na die mure rondom gekyk het, wel, daar kom toe. . . Het hy 'n Man sien staan met Sy ontblote swaard. Josua, die krygsman, groot generaal, het sy swaard uitgetrek, na Hom toe gehardloop, en gesê: 'Is U vir ons? Is U van die vyand?'

"Hy het gesê: 'Ek is die Leërowerste van die leërskare van die Here.' Josua het sy swaard neergegooi, sy helm afgehaal, en aan Sy voete aanbid.

209 "O, as ek net daardie groot Kaptein kon sien, sou ek gesê het: 'Groot Kaptein van die leërskare van die Here, ek's 'n blinde man, wees my genadig.' O, hoe Hy dit sou gedoen het as dit was. . . Maar helaas, die dae van wonderwerke is verby."

210 Hoe min het hy geweet dat, nie eens 'n honderd treë van hom af, daardie selfde Leërowerste van die leërskare van die Here gestaan het nie, want Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy het 'n geluid gehoor. Iets vreemds, oral waar Hy is, is daar geraas wat aangaan.

211 Mense het gesê: "Jy maak te veel geraas." Hierdie is die stilste plek waarin jy ooit sal woon. As jy Hemel toe gaan, sing selfs die Engele dag en nag: "Heilig, heilig, heilig, is die Here." As jy hel toe gaan, is dit geween, en geskree, en gekners van tande; hierdie is die stilste plek waarin jy ooit sal woon.

En daar, toe Jesus verbygekom het, het iemand hom omgestamp ensovoorts, en bo-oor hom geloop, Hy het verbygegaan.

212 En ek kan die predikersvereniging, wat almal daarbuite staan, hoor sê: "Haai, hulle sê vir my jy is 'n profeet. Hulle sê jy het 'n dooie man opgewek, ons het 'n hele begraafplaas vol van hulle hierbo. Kom wek een op vir ons, ons sal jou glo." Sien, God vermaak nie enigiemand nie. Nee, nee. Hy kon, maar Sy kosbare hoof was gerig op Jerusalem en Golgota, die sonde van die wêreld gedra, Hy het aangestap, oorryp vrugte is na Hom gegooi en alles.

En iemand het hom reguit uitgestoot. Ek kan my voorstel dit was 'n jong dame wat gekom, en gesê het: "Meneer, wat makeer?"

213 Arm, verslete bedelaar, hy het gesê: "Dame, ek's blind. En daar was Iemand wat so pas hier verbygegaan het, en hulle het een ding en die ander geskree. Wat was dit?"

"Meneer, ek's een van Sy dissipels. Het jy nog nooit gehoor van die jong Profeet van Galiléa nie?"

"Nee. Watter jong Profeet?"

214 "Wel, weet jy dat ons wet belowe dat wanneer . . . daar eendag, sal kom, 'n Messias, en die Seun van Dawid sal kom? En wanneer Hy kom, jy weet, die groot Profeet . . . "

215 "O, is dit Hy? Dit is Hy?" Toe het hy opgestaan (Hy sou hom nie kon hoor met al daardie geraas nie, duisende. En as jy daar na Jerigo toe gaan en sien waar hy gesit het, en waar Jesus was toe Hy gestop het, is dit onmoontlik vir Hom om hom te hoor, maar sy geloof het Hom gestop.), "O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig."

Met almal wat een ding, en 'n ander, geskree het. Een: "Gegroet is die Profeet! Gegroet is die Seun van God!"

En die ander een het gesê: "Weg met die indringer, Beëlsebub, fortuinverteller," sovoorts, daardie hele gemengde skare.

216 Maar sy geloof! En die Bybel het gesê: "Jesus het stil gaan staan." O, ek hoop om te preek hier voor ek hier weggaan oor *Jesus Het Stil Gaan Staan*. O, goeiste! Eendag sal die tyd gaan stilstaan. En Hy het stil gaan staan, sy geloof het Hom aangeraak, een ou klein, blinde bedelaartjie. Hy het omgedraai, en Hy het gevra, versoek wat hy wou hê. En hy het gesê: "Dat ek my sig mag ontvang."

Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Halleluja! Van toe af kon hy sien. Hoekom? Hy het vir God ontmoet.

217 Daar was 'n maniak, eendag, bo in Gadara, wat homself gesny het, en hulle het hom in kettings gesit, en sy krag, van tien maal 'n gewone man, kon die krag van daardie kettings breek. Ek het altyd gedink, as hy so volmaak onder die invloed van die duiwel was . . . Wanneer die duiwel iemand beetkry, kranksinnig, kos dit mans en mans om hom vas te hou. Hy breek daardie kettings, heeltemal oorgegee aan die duiwel. As hy kettings kan breek, hoeveel te meer kan ons breek, heeltemal oorgegee aan God? Hoeveel magtiger is God se krag as die duiwel s'n?

218 En daar was hy, hierdie arme maniak, en hy was altyd daarbuite in die begraafplaas, wat homself met klippe gesny het, en almal aangeval het. Maar eendag het hy vir God ontmoet, dinge het verander vir hom. Daarna was hy geklee, by sy volle verstand. Hoekom? Hy het vir God ontmoet.

219 'n Melaatse het by die poort staan en bedel. Eendag het Jesus van Nasaret verbygekom, en hy het gesê: "As U wil, kan U my genees."

Hy het gesê: "Ek wil; word genees." En van toe af was hy gesond.

220 Daar's 'n ou klein onsedelike vroutjie, soos waarvan ons gisteraand gepraat het, wat eendag by die hek uitgeglip, en buite na die stad gegaan het om water te skep. Onder in haar siel het 'n—'n Skrif gelê dat wanneer daardie Messias kom wat Hy sou wees. En sy was 'n prostituut, sy was 'n vreeslike vrou. Sy het mans gehad, en toe saam met een gelewe, nie met hom getroud nie, so jy weet sy was 'n ontugtige vrou. En toe sy vir Jesus gesien en Hom hoor sê het: "Gaan haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Jy het reg gesê. Want jy het vyf gehad; en die een met wie jy nou saamlewe, is nie joune nie."

Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. En ons weet wanneer die Messias kom, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel."

Wat het Hy gesê? Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

221 Sy was 'n veranderde vrou. Kyk, toe sy in die stad ingegaan het . . . Dis absoluut oneties vir 'n vrou van daardie soort . . . of 'n man om na haar te luister, maar sy het God ontmoet, iets moes na haar luister. Dis reg. Sy het in kontak gekom met God, iets moes luister.

222 Wanneer 'n man regtig vir God ontmoet . . . Ek veronderstel ons sommige van hierdie mense wat gisteraand op hierdie beddens, en rolstoel was, hierrond kan sien sit, hulle vandag sou vra, hulle in kontak met God gekom het, hulle verander sou wees van daardie tyd af, iets gebeur het. Vanaf die tyd wat God spreek, gebeur daar iets. Enigiets wat in kontak kom met God, dit is van dan af verander.

223 Nou 'n oomblik. Die dood het eenkeer in kontak gekom met Hom. Reg. Nou, ons sluit af. Die dood het Hom gekontak. Julle weet, duiwel het nooit geglo dit was God nie. Hy het altyd gedink Dit was een of ander, net, gewone profeet. Maar hy het nie besef wat Dit was nie, hy het nie geweet dit was Emmanuel nie, dat Dit die vlees en liggaam van God was, dat Hy vlees geword het en onder ons gewoon het nie.

224 Toe hy Hom bo-op die berg gehad het daardie dag, het hy gesê: "As u die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood." Sien, daardie selfde ou duiwel lewe vandag nog.

225 Hulle het Hom daaronder in die binnehof gehad daardie tyd, hulle het geweet Hy kon die gedagtes van die mense onderskei, so hulle het 'n lap om Sy gesig gesit, en 'n stok geneem, en Hom op die kop geslaan, gesê: "Nou, as jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het." Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie; Hy laat Hom nie deur die duiwel vermaak nie.

Op die kruis het, gesê: "As u die Seun van God is, kom af en ons sal u glo."

Daardie selfde ou duiwel lewe vandag in mense, dieselfde ding: "As jy kan, laat ek jou *hierdie* sien doen. Laat ek jou *daardie* sien doen."

Hy het gesê: "Ek doen net wat die Vader My wys."

226 So eendag toe hy Hom gehad het. . . Kom ons neem 'n dramatjie soos ons afsluit. Dis 'n verskriklike dag, die son lyk vreemd, daar was nog nooit 'n dag soos dit nie, sal nooit wees nie. O, dis 'n verskriklike ding! Die skuld van Eden moet betaal word. Verskriklike dag! En ons begin oplet vroeg in die oggend, ons staan in die boonste verdieping, ek hoor 'n geluid. Kom ons gaan lig die blinding op en kyk. In die straat af hoor ek iets aankom wat: "Stamp, stamp, stamp," maak. Wat is dit? Dis 'n ou ruwe kruis.

227 Ek sien 'n vroutjie voor hulle uithardloop, sê: "Wat het Hy gedoen? Wat het Hy gedoen behalwe om die Evangelie te verkondig? Wat het Hy gedoen behalwe die siekes genees?"

Ek sien 'n rowwe hand haar in die mond klap en sê: "Gaan sit. Sal julle daardie vrou, prostituut, glo, voor julle julle priester glo?"

Sy kon nie stilbly nie. Sy tyd het gekom vir iets anders, die kruis wat gesleep het.

228 Hy het 'n kleed oor Sy skouers gehad, soos Hy teen die heuwel begin opgaan, ek let klein rooi kolletjies op oraloor Sy kleed. Wonder wat hulle is. Sy klein swak liggaampie, 'n doringkroon op Sy kop, bespottingspoeg wat oraloor Sy gesig hang, wat het Hy gedoen om dit te verdien? Dis die straf wat Hy vir my betaal, vir jou.

229 Kyk na daardie kolletjies, kom ons hou hulle 'n oomblik dop. Soos Hy verder opsleep, word Sy liggaampie moeg, en hulle wat Hom slaan, en Hom laat aangaan, en Hy sleep hierdie ou groot kruis teen die heuwel op. Naderhand sien ek al hierdie klein kolletjies groter, groter raak, naderhand loop hulle almal inmekaar in een groot kol, ek hoor dit teen Sy been spat. Hy word moeg. Hy word swakker en swakker.

Ek kan alles sien. Sy dissipels weg, wie staan by Hom? Niemand, deur God en die mens verlaat. Hier gaan Hy teen die heuwel op.

230 Dan sien ek die dood naderstap en sê: "Uh-huh. Ek het Hom. Ek het bewys dat Hy nie God is nie. Ek het Hom versoek. Ek het Hom daar uitgeneem. . . As Hy God was, sou Hy daardie klippe in brood verander het. Hoe kon Hy daar staan, in daardie binnehof, daardie soldate Hom in die gesig laat spoeg, en 'n lap om Sy gesig sit, en vir Hom sê om te sê wie Hom geslaan het? Tog, as Hy God

was, sou Hy dit geweet het. Ek weet Hy is nie God nie." Hy het dit nooit geglo nie.

231 En soos Hy teen die heuwel opgaan, sien ek daardie by van die dood uitkom, om Hom begin zoem, Hom steek . . . om Hom te steek, om Hom zoem. Voor jy jou kom kry, begin dit wonder. Wat was dit? Die dood het gekom, 'n gezoem, soos 'n insek, 'n by.

232 Maar weet julle wat? As 'n by ooit sy angel diep insteek, trek hy sy angel uit. Hy kan nie meer steek nie. Hy het dit in baie profete ingesteek, hy het dit in baie regverdige manne ingesteek, maar daardie keer, toe hy dit in God ingesteek het, het hy sy angel uitgetrek. Die dood het sy angel verloor.

233 Geen wonder een wat later gekom het, het gesê nie: "O, dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Dank sy God . . ." Toe hy daardie angel van die dood in Emmanuel se liggaam geanker het, het hy die angel uitgetrek.

234 En vandag kan ons die dood reguit trotseer, en die by kan zoem en 'n geraas maak, maar dit sal ons nooit bang maak nie. Nee, meneer. Hy het geen angel nie, die angel is weg. Hoekom? Die dood het vir God ontmoet. En toe dit vir God ontmoet het, het dit die angel uit die dood uitgehaal. Ek's bly om Hom te ontmoet. Is julle nie bly nie? Kom ons bid.

235 Hemelse Vader, wanneer ek dink aan daardie Bloed wat uit Emmanuel se are uitstort, die ou ruwe kruis wat die voetspore van die draer uitsleep soos Dit opgaan na Golgota . . . Toe Satan, daardie ou spot-spoeg-slym aan Sy gesig sien hang het, het hy gesê: "Dit kan nie God wees nie, Dit kan nie Emmanuel wees nie, so ek sal my angel in Hom insteek. Ek sal Hom binnekort kry."

236 Maar, o, hoe hy toe verloor het! Toe die angel van die dood met God in aanraking gekom het, het dit sy angel verloor. Ek's so bly vandag, Here, om ook te weet, dat ek moet afkom na daardie pad, maar die dood sal verloor . . . het klaar sy angel verloor.

237 Ek's vry vanaand. Halleluja! Ek's bly dat ek vry is. Die angel van die dood is weg. Die dood mag kom en zoem, dit mag kom en my bedreig, dit mag kom om my weg te trek, maar soos een skrywer gesê het: "God het dit ingespan voor 'n karretjie, dit kan my net trek tot in Sy Teenwoordigheid waar ek verlang om te wees," waar die gelowige verlang om te wees.

So die dood het geen angel nie, dit het 'n oorwinning geword: "Dank sy God, Wat ons die oorwinning gee deur Jesus Christus."

238 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, almal in gebed is, hoeveel hierbinne wat is . . . weet as julle vanaand sou sterf, dat julle nog nooit so defnitief in kontak gekom het met God, tot julle elke Woord kon neem as Sy Woord, en dat julle elke Woord gehoorsaam, en julle weet as julle verkeerd gedoen het, julle weet dat die dood 'n angel vir julle sou hê, want julle sou wonder of julle regtig gered is of nie?

239 Ek gaan julle nie oproep, na die altaar nie, ek gaan julle net vra waar julle is. As julle sal, en glo, vanaand, dat God daardie angel van die dood van julle sal wegneem, deur Jesus Christus, en julle dit so wil aanvaar, steek julle hand op, sê: "Ek wil vir God ontmoet."

240 God seën jou daaragter, Ou Seun. God seën jou. God seën jou, bo-op die balkon. God seën jou hieronder. Bo-op die balkonne? God seën jou, Jong Man. God seën jou daar ver agter. Hy sien julle hande. Almal in gebed. Dis 'n altaar-oproep. God seën jou, wat hier sit, Meneer. Jy mag al baie goeie dinge in jou lewe gedoen het, maar dis die grootste ding wat jy ooit gedoen het.

241 Onthou, toe jy jou hand opgesteek het, het jy elke wetenskaplike reël gebreek. Die wetenskap sê dat swaartekrag jou hand onder moet hou, maar jy het jou hand opgesteek, wat wys dat daar 'n krag in jou is om 'n besluit te maak. En dit het jy gedoen, jou hand opgesteek, dit uit jou hart bedoel, en iets het gebeur.

242 Iemand anders steek jou hand op, sê: "Onthou my." God seën jou, Suster. God seën jou, Suster. God seën jou, Broer. God seën jou. Dis goed. Weer bo-op die balkon, kom ons gaan daar ver op. Hoeveel daarbo? O, siel, kerklidmaat wat nie vir God ken nie . . . God seën jou, klein mannetjie hier aan die voorkant.

243 Iemand anders? Steek jou hand op, sê: "O, al wat ek weet, ek behoort aan die kerk. Al wat ek weet, ek het uitgeroep. Al wat ek weet, ek het in tale gepraat." O, broer, ek het duiwels in die gees hoor dans, en in tale praat, en skree, en dit—dit is nie . . . "Aan hulle vrugte sal julle hulle uitken." Sekerlik.

244 Die reën val op die koring en die onkruid saam. Sekerlik. Hulle juig altwee oor die reën, dis reg, maak hulle albei gelukkig. En dit val reguit in 'n groep op die skynheilige en op die Christen, ook. Maar as jou lewe nie ooreenstem met God se Bybel nie, dan beter jy jou hand opsteek en sê: "God, wees my genadig, en maak my wat ek behoort te wees. Sy genade kan my maak wat ek behoort te wees." God seën jou, Jong Man. God seën jou, Dame. Dis goed. God seën jou.

245 Wil nie julle gevoelens seermaak nie, maar hoe kan julle vroue hier sit en weet dat die Bybel vir julle sê dat dit verkeerd is, selfs vir julle, om julle hare te sny, dat julle julle man onteer wanneer julle dit doen? Julle bewys julleself as 'n straatvrou wanneer julle so-iets doen. En as gevolg van die Engel, behoort julle lang hare te hê. Watter Engel? Die Engel van die verbond, die Engel, die boodskapper van die dag, die sewende Engel, wat vandag uitbasuin. Dan steeds weet dat julle verkeerd is? Jou Adam mag jou laat voortgaan en verkeerd optree het, Eva, en sê dit maak geen verskil nie. Dit maak beslis 'n verskil. Moenie jy . . . Elke gebod van God is reg. Eva het net haar . . . vir

'n oomblik gedraai. As jy verkeerd is, erken dat jy verkeerd is. Jou eie lewe bewys jy's verkeerd.

246 Iemand het my gekonfronteer, nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, hoekom sê jy dit vir daardie vroue, oor hulle kleredrag?" 'n Belangrike man, het gesê: "Ek sal my hande op jou lê, en vir jou bid."

Ek het gesê: "As jy my sal toelaat om my hande op jou te lê en vir jou te bid." Ek het gesê: "Luister . . . "

Hy het gesê: "Waarom los jy nie daardie vroue uit nie? Mense beskou jou as 'n profeet."

Ek het gesê: "Ek's geen profeet nie."

Hy het gesê: "Mense beskou jou so. Waarom leer jy hulle nie om groot geestelike gawes en dinge te ontvang nie?"

247 Ek het gesê: "As hulle nie die basiese ordentlikheid het om hulle ABC's te leer nie, hoe sal hulle . . . sal, weet hoe om algebra te leer, as hulle nie eers hulle ABC's ken nie?" *ABC* is "Glo Christus Altyd." [Eng. "Always Believe Christ."—Vert.]

248 Neem eerste Sy Woord, laat Dit eerste in jou lewe wees. As jy dit nie kan doen nie, hoe gaan jy enigiets anders leer? Hoe gaan die Pinksterkerk ooit uitstyg bo dinge wat dit weet, wat in jou pad gaan lê solank as wat jy lewe? Nou, merk dit en vind uit of dit nie so is nie.

249 Onthou, as dit jou nie pla solank as wat jy lewe nie . . . En as een sonde vir Eva weerhou het, of, al hierdie gemaak het . . . Elke siekte, dood, en hartseer het van een vrou af gekom, wat net gereken het dat dit net in die haak was.

250 Dis julle Amerikaanse voorreg, sê julle. O, ja. As jy 'n lam is, 'n lam gee sy regte op; hy het net een ding, wol, en hy gee dit op. As jy 'n lam is, sal jy jou Amerikaanse regte opgee, om God te dien.

Sê: "Ek kan aantrek soos ek wil, dit het niks met jou te doen nie."

251 Dis nie ek nie, broer, suster, Dis die Bybel. God het 'n mens gemaak, en het hom laat aantrek soos 'n man, 'n vrou gemaak om soos 'n vrou aan te trek, hulle verskillend laat optree, en twee verbonde met hulle gemaak, en alles; dit was altyd so.

252 Die lig het gekom. Jou Adam mag jou laat wegkom daarmee, maar, broer, God sal nie, want dis Sy Woord. Nou, julle mans wat rondsit en sulke dinge doen: Is julle nie skaam nie, broer, diakens? Mans wat sê hulle is manne van God wat so optree, wanneer dit—dit net die heel eerste basiese les daarvan is. Hoe kan jy in diep dinge ingaan van die onderskeiding van die Gees en sulke dinge, wanneer jy nie eers die eerste dinge neem nie?

253 Ontmoet vir God, en vind uit wat die verskil is. Vind die verskil. Dis sal jou reg laat optree, dit sal iets vir jou doen, dit sal jou verander. Nou, die Bybel sê dit.

254 Julle vroue sal nie naellak, of grimering, of wat jy dit ook al noem, aansit nie, vir niks nie. Die Bybel sê niks daarvan nie. Maar kyk wat julle nou doen, iets wat die Bybel *wel* sê om nie te doen nie. Sien?

255 Julle, waarskynlik, sal julle mans vir niks in die wêreld dronk word nie, dan twee of drie vroue hê wat lewe, 'n diaken in die kerk wees.

Maak bekeerlinge: "Trek oor die seë," het Jesus gesê: "om een bekeerling te maak . . . "

256 Julle sê: "Dis 'n verskriklike manier om 'n altaar-oproep te maak." Broer, as mense nie deur die Woord van God kom nie, wat is hierdie patetiese stories? Jy moet kom in die erkenning dat jy verkeerd is.

257 Nou, is jy gewillig om, onder die krag van God, onder jou eie oortuiging, te sê dat "Ek's verkeerd, ek steek my hand op. Na my eie lewe te kyk en sien dat ek verkeerd is. Ek's 'n kerklidmaat, ek gaan kerk toe, ek probeer getrou wees, maar ek sien ek maak . . . Ek het die merk gemis. Ek's gereed om oor te gee en—en te sê dat ek terugkom op die Bybelse grondslag van hierdie ding. Ek steek my hand op"? Steek op jou hand.

258 God seën jou, Meneer. Dis verg ordentlikheid. God seën jou, Dame. God seën jou. God seën jou, Meneer. Dit verg regte manne. Iemand anders? God seën jou, my broer. Dis reg. God seën jou. Daar's ten minste driehonderd mense hier, wat dit behoort te doen. Dit neem baie van hulle, maar . . . God seën jou, Meneer, dis eerlikheid.

259 Sê: "Ek maak net my belsuit. Ek sê net nou: 'Van nou af, God, gaan ek van binne en buite gebrandmerk wees. Ek gaan 'n ware Christen wees. Ek gaan hierdie hele Woord glo." Of: "Ek gaan nie enige glo nie. Ek gaan terug in die wêreld." Dit sal beter wees vir jou. Dis reg.

260 Jy kan nie Christene van die res van hulle onderskei nie. Hulle is almal, net omtrent dieselfde. Wat veronderstel is om die Kerk te wees, raak in so 'n slegte toestand. Kom aan. God moet 'n Bruid gereed kry, presies, maak Haar gereed. "Die uur van die . . . het gekom, en die Bruid het Haarself gereedgemaak." Is jy gereed? Is jy gereed? Ek vra nog een keer, in Jesus' Naam: Is jy gereed? Dankie, Meneer. God seën jou.

261 Ons Hemelse Vader, hierdie wie hulle hande opgesteek het, omtrent twee dosyn of meer, laat hulle vrede hê. Laat hulle weet dat U gereed is om al die skuld van die angel daaruit te trek, en om hulle vry te laat, vanaand, met die Heilige Gees. God, seën hierdie kerke.

262 Hier's 'n gawe groep mense, God. Hulle het vir so lank hier gesit, en luister, wag, waarom kom Satan dan net en verduister hulle verstand, net wanneer die tyd vir hulle kom om te aanvaar? En U het Uself so definitief hier bewys. Hoe kan dit wees?

263 Maar God, laat niemand se bloed op my hande wees nie; ek's vry. Ek bid, Vader, dat U die genade van God op hierdie sal skenk. En gee hulle aan U as opregte Saad waarop die Lig van God geskyn het. Lewe het vinnig getref, en hulle het hulle hande opgesteek, en gesê: "Ek's verkeerd, ek erken dit, ek's gereed om reg te doen. Ek het verkeerd gedoen, en ek's gereed om net nou my weë reg te maak, en na God toe te kom." Skenk, Vader, dat hulle tot groot gestaltes van Christene sal groei.

264 Ons hoor vanaand, van *soveel* besluite. Wat is die nut van klippe sonder 'n klipkapper? Mense wil nog lidmate in hulle kerk hê: "Sal jy 'n besluit maak?" Rol 'n klip nader, dis 'n belydenis. Sekerlik. Maar wat help daardie klip, as daar nie 'n klipkapper daar is met 'n twee-snydende Swaard van God om dit te vorm in 'n seun of dogter van God, om dit in die gebou te laat pas nie? Ons het klipwerkers, klipkappers nodig met die Woord van God, om die belydenisse in regte, egte pilare van die Kerk van God te kap. Skenk dit, Here.

265 Mag die skerp mes van God al die wêreld van elkeen van ons af wegsny, en ons nuwe skepsels in Christus Jesus maak. Die uur kom. Min weet mense dat hierdie ure hier is, daar's groot dinge wat aangaan. En nou, het die mense, net soos mense van lank gelede, Here, het hulle by hulle verbygegaan, en het hulle dit nie geweet nie.

266 Skenk dat elkeen van hierdie gered sal word. Mag hulle van hierdie goeie kerke hier, hierdie predikers, vind. Miskien, as hulle aan een van hulle behoort, hulle na hulle pastoor toe sal gaan, en sê: "Pastoor, ek was verkeerd, ek maak my lewe reg. Ek kom nou om 'n regte lidmaat van jou kerk te wees, ek kom nou om 'n lig te wees. Ek kom nie meer soveel by die fluitjie uitblaas nie, maar ek gaan dit laat werk. Ek gaan van huis tot huis, van plek tot plek, ek gaan andere in hierdie groot gemeenskap van Christus inbring. Ek sal na die straathoeke toe gaan, ek sal traktaatjies uitdeel, ek sal alles doen wat ek kan doen.

267 "Ek sal praat met my buurman, my melkman, my koerantman, met almal wat ek kan, ek sal met hulle praat in die sagte, soetheid van die Heilige Gees. Ek sal so sout wees, tot ek hulle sal laat dors om soos ek te wees." God, skenk dit. O, nie soos die res van die wêreld nie, maar anders wees, verander, gemaak soos dogters van God, seuns van God. Skenk dit.

Ek gee hulle vir U in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Nou, mag die God van die Hemel op julle afkyk.

268 Eenkeer. . . Wil vir julle 'n storietjie vertel voor ek vertrek, omdat ek so hard moes kap. In die suide, het hulle altyd slawe verkoop. En hulle het gekom en hulle gekoop net soos jy 'n gebruikte motor by 'n motorhandelaar koop, jy kry 'n koopbrief daarvoor, net soos jy sou, vir mense, dit was nooit reg nie. God het nooit bedoel dat mense slawe moes wees nie.

En daar sou makelaars verbykom, en groot gesonde slawe koop, en hulle teel met swaarder vroue, en sulke dinge, beter slawe te maak.

269 Eenkeer, was daar 'n groot plantasie, word daar vir my vertel, waar hulle baie slawe gehad het, en 'n makelaar het verbygekom, gesê: "Ek wil graag jou slawe deurkyk."

Gesê: "Ek het omtrent 'n honderd hier, kyk hulle maar deur."

270 En hy het hulle almal opgelet. Hulle was hartseer. Hulle is van Afrika af gebring, hulle sou nooit weer teruggaan nie. Hulle sou hulle slaan en hulle laat werk, want hulle wou nie werk nie. Hulle was hartseer, hulle was weg van pappa, mamma, man, babas, en almal, hulle sou hulle nooit weer sien nie. Hulle was in 'n vreemde land, hulle sou nooit weer hulle geliefdes sien nie.

271 Maar hulle het een jong kêrel daar opgelet, goeiste, sy bors was uitgestoot, en ken op, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, hy was reg op die merk elke keer. Daardie makelaar het gesê: "Ek wil graag *daardie* slaaf koop."

Hy het gesê: "Hy's nie te koop nie."

Hy het gesê: "Wat maak hom so anders?" Gesê: "Is hy die baas oor die res van hulle?"

Gesê: "Nee, hy's net 'n slaaf."

Hy het gesê: "Miskien voer jy hom beter as die res van hulle?"

Gesê: "Nee. Hy eet buite in die kombuis saam met die res van hulle, hy's net 'n slaaf."

Gesê: "Wat maak hom so anders as die res van hulle?"

272 Gesê: "Ek het eers self gewonder, maar ek het uitgevind dat, daar oorkant in die tuisland, is sy vader die hoofman, die koning van die stam. En hy weet dat hy 'n koning se seun is, hy gedra homself soos een."

273 Vriende, ons is in 'n sondige wêreld. Vroue, julle is dogters van 'n Koning; broers, julle is seuns van die Koning, kom ons gedra onsself soos seuns en dogters van die Koning, reg in hierdie wêreld. Moenie soos hulle wees, vir hulle naboots nie, ons is anders. Ons kom. . . Ons is van 'n ander. . . Ons is vreemdelinge hier, ons is reisigers. Kom ons gedra onsself, tree anders op, wees anders, wees soos daarbo in die Hemel.

274 Party, paar dae gelede het ek en my vrou, voor ons hiernatoe gekom het, na 'n supermark toe gegaan, ons het 'n vrou gekry wat 'n rok aangehad het. Meda het gesê: "Is dit nie vreemd,

daardie dame nie?" Sy het gesê: "Billy, ek wil vir jou vra," gesê: "Ek ken party van daardie vroue, hulle sing in kore hier in hierdie denominasionele kerke," gesê: "hoekom is dit dat ons mense . . . ?"

275 Ek het gesê: "Skat, kyk, kyk, ons is nie van die wêreld nie. Sien, wanneer ek Duitsland toe gaan, het Duitsland sy manier om dinge te doen; ek Finland toe gaan, het dit sy manier van dinge doen; ek na ander nasies toe gaan, het hulle hulle manier." En ek het gesê: "Amerika, dit het sy manier."

Maar ek het gesê . . . Sy het gesê: "Wel, is ons nie Amerikaners nie?"

276 Ek het gesê: "Nee, skat, ons is nie Amerikaners nie, ons is Christene. Ons woon hier, sekerlik, as 'n nasie, is *hierdie* ons s'n." Maar ek het gesê: "Ons is van Bo, dan moet ons vroue optree soos Daarbo. Ons moet onsself gedra soos Daarbo, dis hoekom ons nie optree soos die mense van die wêreld nie, ons is anders."

277 Ons behoort te wees, vriende, ons behoort anders te wees. Julle weet dit. Ek bedoel nie om julle seer te maak nie, en ek bedoel nie om julle gevoelens seer te maak nie, ek bedoel net om eerlik te wees as 'n dienskneg van Christus.

278 Jy kan nie terughou nie. Jy kan nie 'n—'n—'n—'n—'n openbare marionet wees, en dan 'n dienskneg van Christus wees nie. Jy moet óf eerlik met God wees, óf—óf jou geboorteregte aan—aan mense verkoop. En myne is nie te koop nie, en ek weet julle s'n ook nie.

So laat ons die Woord preek, die Woord glo, op die Woord staan, lewe volgens die Woord, dis reg, en regte Christene wees.

279 Die Heilige Gees is hier. Glo julle dit? Hoeveel van julle het gebedskaartjies? Steek julle hande op. Dis te laat om 'n gebedsry te hê. Julle sonder gebedskaartjies, wat siek is, iets nodig het, steek julle hande op, sonder gebedskaartjies. Hê geloof. Nou, glo julle.

280 Nou, kyk hier. Nou, as ek dalk iemand roep wat 'n gebedskaartjie het, wil ek hê julle moet dit vir my sê, want julle sal in die gebedsry kom, hierdie sonder gebedskaartjies sal nie. Ek wil julle eerbiedigheid net twee minute, drie minute hê.

281 Alles wat ek kon sê, sou niks beteken nie, een Woord van Hom sal meer beteken as alles wat ek kon sê in 'n miljoen jaar, een Woord van Hom.

282 Nou, glo julle dat wat ek preek, die waarheid is, oor die mens terug na die Bybel, terug na God, en die Woord word vlees gemaak in ons, wat hier onder ons woon, en die Kerk wat Ditself vorm en nou, Sy laaste teken ontvang?

283 Ons het wonderwerke en tekens gehad, en praat in tale, en "Verder aan deur, en verder aan deur," maar julle onthou, die

Bybel het gesê, die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem sal word nie. Maar in die aandtyd sal dit lig word." Hoeveel ken daardie Skrif? Sekerlik. Goed. Kyk.

284 Beskawing het gekom van die ooste en het die son weswaarts gevolg. Is dit reg? Dis nou by die Weskus, dit nog 'n beweging maak, is dit weer by die ooste. Ek wil graag daaroor preek: *Wanneer Die Ooste En Weste Ontmoet*. Let op.

285 Die s-o-n kom op in die ooste, en dit gaan oor die horison, en sak in die weste; dieselfde son wat in die ooste opkom, sak in die weste. Is dit reg?

286 Nou, die profeet het gesê daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem kan word nie; dis 'n triestige dag, mistige dag. Ons het 'n dag daarvan gehad. Die mens het genoeg geweet om by die kerk aan te sluit, Christus as Verlosser te aanvaar, en by 'n denominasie aan te sluit, dis net omtrent soveel Lig as wat hy gehad het.

287 Maar onthou, dis nou aandtyd. Die beskawing is by die Weskus, en dieselfde Seun, S-e-u-n, wat in die ooste geskyn het, aan die begin, skyn nou in die weste aan die einde. "Jesus Christus is dieselfde, gister, vandag, en tot in ewigheid." Sien? "Dit sal lig word in die aandtyd," Christus wat uitkom, Sy Kerk vervolmaak.

288 Hoeveel weet daar's 'n verskil tussen die verskyning van Christus en die Koms van Christus? Dis twee verskillende woorde. Nou is die verskyning, die Koms sal binnekort wees. Hy verskyn in ons midde, besig om die werke te doen wat Hy eers het, in Sy Kerk. Nou, julle is 'n deel van daardie Kerk, en deur genade glo julle; ek's 'n lidmaat van daardie Kerk.

289 Nou, ek's nie 'n prediker nie, julle weet ek is nie, ek het nie die geleerdheid om dit te doen nie. Partymaal is ek huiwerig om hier langs manne van God te staan, wat geroep is in daardie amp. Daar is apostels, profete, leraars, pastore, en evangeliste. Nie almal is apostels nie, nie almal is profete nie, nie almal is leraars nie, nie almal is evangeliste nie.

290 Wanneer ek hier staan. . . Maar my bediening is 'n ander bediening as 'n pastoor of leraar, ek's—ek's nie. En as ek is. . . dinge verkeerd sê, broers, vergewe my, ek bedoel dit nie. Maar hierdie is my bediening, sien, om Hom te verklaar, dat Hy hier is.

291 Nou, party van julle hier. . . As 'n gawe van die Heilige Gees, is dit net iets, ek kan nie myself laat ontspan nie, dis net soos om in 'n rat oor te skakel, maar wanneer Hy dit doen, dan is elke gees onderhewig. En ek kyk, en ek kan net sê wat ek sien. En enige Bybelleser weet dat dit presies is wat belowe is, en gekom het in Christus, en belowe is in die laaste dae, en alles wat ons daaroor gesê het. En, o, goeiste, ek het vyfhonderd en

iets bandopnames van verskillende preke daaroor, sien, raak net die randjie daarvan hier aan, maar dis waar.

292 Maak nie saak waar jy is nie, glo, en laat Hom spreek; en as ek spreek, ek kan verkeerd sê, want ek's 'n man, maar as God kom, en bevestig wat ek gesê het, dan is dit waarheid.

293 God het gesê: "As daar 'n profeet onder julle is, en as hy sê . . . wat hy sê, gebeur, luister dan daarna," want die Woord van die Here het na die profete toe gekom, "en as hulle . . . en as dit nie gebeur nie, moet dit nie glo nie."

294 Nou, as ek hier kom en sê: "Nou, ek gaan julle genees," dan het ek net daar gelieg, want julle is elkeen, as julle siek is, wat dit ook al is, of sondaars, of wat julle ook al is, julle is alreeds vergewe, julle is alreeds genees. As Jesus hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy vir my gegee het, kon Hy nie vir julle genees of vir julle red nie, Hy het dit alreeds gedoen. Hoeveel weet dat dit die waarheid is? Op Golgota was die prys betaal. Glo julle net.

295 Iemand, nou ek sal net uitroep, soort van in seksie, iemand oorkant in hierdie rigting sonder 'n gebedskaartjie, bid net, sê: "Here God, ek kan nie glo dat daardie man wat daar staan, my iets verkeerd sal vertel nie. Ek het die Bybel gelees, en ek weet wat hy sê is die waarheid. Dis so moelik vir my om dit te ontvang, Here, maar eerlikwaar, ek glo dit, ek—ek glo, en help my nou.

296 "En hy sê dat U 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, en ek het swakhede." Of—of iemand: "Ek's . . . My man wat hier sit." "My vrou . . . "

297 Ek het gisteraand opgelet, toe 'n man uit die bed uit opgestaan het, die vrou na hom toe gehardloop het; die vrou uitgeklim het, die man . . . Hulle daarbuite in die agterplaas vir God sien prys. Hoe mooi dit was! Sien, sien? Deur vir iemand te bid!

298 Sê: "Ek bid, Here God. Help my om te weet, help my. Laat ek U kleed aanraak. Dan as daardie man . . . Daardie man ken my nie, en ek ken hom nie, as hy terugpraat, en vir my sê, soos U het in daardie dae, vir die mense vertel het, dan weet ek dat U lewe, Dis nie daardie prediker nie, Dit is U."

Nou, asseblief, wees net stil vir vir twee of drie minute en bid. Sit stil, moenie beweeg nie, bid net.

299 Nou, daar's 'n vrou, sy's . . . Julle kan julle kop oplig, as julle wil. En as julle sal kyk, kyk wat net hier staan, hier reg in hierdie gangetjie, sien daardie geel, amber-kleurige Lig wat so ronddraai? Dit is reg bokant 'n vrou. Daar is Hy, reg deur die deur. Nou, Dit kom nader aan haar, nader aan haar. Sy het besef. Sy het gebid. Dit kom nader.

300 Die vrou, kan sekerlik hierdie keer, besef dat iets aangaan. Sy bid vir 'n geliefde, 'n familielid wat kanker het, ook 'n moeder,

en die moeder het hartprobleme. Sy besef nou die Heilige Gees is naby haar. Sy's nie eers van hier nie, sy is nie eers 'n Amerikaner nie, sy's 'n Kanadees. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Ons is totaal vreemd. Is dit reg? Maar jy het daar gestaan en bid, en meteens het iets baie liefdevol begin gebeur, soos Iets wat oor jou kom. Is dit reg? En is dit, wat gesê was, waar? Steek jou hand op, as dit alles waar is.

Nou, gaan ondervra die vrou.

Nou, suster, dit is weg van rondom jou. Ek vertrou dat jy jou versoek het. Wat dit ook al was, God gee dit vir jou.

301 Nou, ek wil julle iets vra. Hoe . . . Dink net daaroor. Daar's 'n totale wonderwerk. Daar's 'n vrou, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, sy het my nog nooit gesien nie, ons is vreemdelinge, en hier kom die Heilige Gees af, en sy raak vir Jesus Christus aan, en deur 'n Goddelike gawe, wat daar staan, of, daar sit en bid, en dit kom reguit en openbaar net presies vir haar. Daar is dit. Sy's dertig of veertig voet van my af, sy kan my nie aanraak nie, sy het Hom aangeraak.

302 Glo iemand aan hierdie kant, sonder 'n gebdskaartjie. Julle sonder 'n gebedskaartjie, steek op julle hand sodat ek sal . . . Julle wat nie 'n gebedkaartjie het nie, steek julle hande op. Party van julle in hierdie draagbare hier, of iets, steek julle hand op. Goed.

303 Kom ons kyk na hierdie man hier. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, Meneer. Jy's 'n vreemdeling vir my, ek ken jou nie. Wat dink jy van wat ek gepreek het? Glo jy Christus die Seun van God? Glo jy Hy is? Nou, jy wat 'n man is wat ek nog nooit tevore in my lewe ontmoet het nie, maar glo jy dat—dat toe Jesus hier op aarde was, Hy (Die Bybel het gesê dat die Woord skerper is as 'n twee-snydende swaard, en selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart.) kon onderskei wat verkeerd is?

304 As die Heilige Gees vir my iets van jou kan vertel, jy's net 'n man wat daar gaan sit het, en vir my iets van jou kan vertel, wat jy wil hê, wat verkeerd is met jou, iets wat jy gedoen het of so-iets, sou jy weet dit moes van 'n mag van iewers af gekom het, nie waar nie? Sal jy glo dat dit Christus is? Jy sal. Sal jy dit so aanvaar? Jy moet of sterf, want jy's geskadu tot die dood, dis 'n kanker.

305 Maar as jy sal glo met jou hele hart, met alles wat in jou is, want jy kan nie lewe nie, jy kan nie terugkom nie, die dokter kan jou nou glad nie help nie, jy's verby dit, maar as jy God met jou hele hart sal glo, kan jy gesond word. Glo jy dit? Jy glo? Staan dan op van jou bed af. Moenie twyfel in jou hart nie, moet dit glad nie betwyfel nie, gaan huis toe, neem jou bed en gaan huis toe. Jesus Christus sal jou gesond maak, as jy dit sal glo. God seën jou.

Wat was dit?

Het jy ’n gebedskaartjie daar? Wel, dan sal jy in die gebedsry wees.

306 Wat van jou? Het jy ’n gebedskaartjie? Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy glo? Ek ken jou nie, maar jy’s . . . Wat makeer? Jy is heeltemal afgerem, soos ’n senuwee-ineenstorting, komplikasies, alles is verkeerd met jou. Is dit nie reg nie? En sowaar, jy voel nou goed. Dit is die Heilige Gees oor jou. Glo jy dat ek Sy profeet is? Sal jy my gehoorsaam as Sy profeet? Staan dan op van daardie draagbaar af, op jou voete, in die Naam van Jesus Christus, en gaan huis toe, en wees gesond.

Wag, ek wil vir jou iets vra. Jy het nie ’n gebedskaartjie nie, het jy? Jy het dit nie nodig nie. Jy’s gesond, jy kan nou huis toe gaan en juig.

307 Hoeveel van julle glo met julle hele hart? Dan, almal wat glo, staan op julle voete en aanvaar julle genesing. Staan op in die Naam van Jesus Christus en glo dat julle genees is. Ek vertrou julle toe aan God vir julle genesing in die Naam van Jesus Christus. Mag God dit vir julle gee. Amen. Goed.

Van Toe Af AFR62-0713
(From That Time)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 13 Julie 1962, by die Open Bible Standard Kerk in Spokane, Washington, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org